



DEEL II. No. 2.]

APRIL, 1897.

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

GELUKWENS VER "ONS KLYNTJ."

KLYNTJ, MOET NI LOL NI!

DI KONINGIN VAN SKEPA.—Twede deel.—X. 'n Twede

Omrulling.—XI. Elihoref in Egiptes Gehyme ingewy.

ER SOEK 'N FROU.

'N GOEIE LES.

DIE STORIIS.—Oorlog tussen gefangelde en firfoe-

tige Dire.—Hoe Jakhals ter Wolf gefop het.—

Skulpad en Bobejaan for Makear.

'N LENTE-AAND MYMERING

DI BEKOMMERDE HUISFROU

'N BRIEF VAN PIET RETIEF AN SIE A. STOCKENSTROM.

'N BANGE O'EBDLIE.

PORTRETTE VAN SIE GORDON SPRIGG EN SIE THOMAS UPIEGTON.

PORTRET VAN MEE. PIETRE H. FAURE.

DI ENGELSE AFRIKANERS.

FANIE EN NELI.—(Verfolg).

'N KLEINE VERMANING AN "ONS KLYNTJ."

PORTRET VAN DE. TH. WATER.

WAT 'N HOLLANDER AN AFRIKANERS KETTEL.

'N GROOTE BEESHOORN.

O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.

GESELSCHAP MET MYN SKRYWERS EN LESERS.



M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIER
 — te Paarl en Worcester —
 Markt Plein. Russel Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTE TEGEN ZEER BILLIGE PRIJZEN.

OUDE PORTRETTE VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTTE.

— SCHILDRIJLYSTEN —

VAN BENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEHAALT

SPECIALITEIT: VERGROOTTE PORTRETTE

ALLE WERK WORDT GEV AARBODT EIGENHA DIO LE TIJ

AFRIKAANSE BOEKE.

Di Afrikaanse Almanak, 1897.—PRYSFERMINDERING fan 1s. tot 6d. en 5s. per dosyn, en dit fer 'n boek fan 126 bladsye, met 6 plate, en alle nuttige informasi, burgerlik, staatkundig en kerkelik.

Genesis in Afrikaans, 9d. per post. Ver 12 exemplaren 7s. 6d., ver 25 exemplare 12s. 6d.

Di Evangelii van Matteus in Afrikaans vertaal, met gelijkluidende tekste en antekeninge op moeilike plase. Prys 1s.

Afrikaans ons Volkstaal, 71 Stellinge verklaard door Ds. S. J. du Toit. Nu 9d., per post 1s.; 12 ex. voor 10s.

Geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging, 146 bl. Nu 9d. per pos 1s.; 6 ex. per pos ver 5s.

Di Meer N'Gami en andere Noordelike Streke. Met kaart. Nu per post 6d.; 12 ex. voor 4s.

Van di Blokhuis na di Withuis. Lewe van President Garfield. Nu per pos 6d.; 25 ex. voor 4s.

Handboek ver Godsdiinsonderwijs, op di Skool, in di Katkesasi, en by di Huis, deur Ds. S. J. du Toit. Nu per pos 6d.; 12 ex. ver 4s. 6d.; 25 ex. voor 7s. 6d.

Di Geskiedenis van di Hugenote, van 1521 tot 1789, deur Pastor. Nu per pos 6d.; 6 ex. ver 2s. 6d.

Afrikaanse Gedigte. Eerste Versameling. Derde Druk. Nu per pos 6d.; 6 ex. ver 5s.

Samesprake in Afrikaans en Engels, same met 'n Lys van woorde en Uitdrukings, ver di gebruik van Afrikaners wat wil Engels leer, en Engelse wat wil Afrikaans leer, deur oom Willem. Nos. 1, 2 en 3. Nou ver al 3 nommers per pos 1s. 6d.; 12 exemplare ver 15s.

Eerste Afrikaanse Prente-Boek ver Soet Kinders 72 Bladsye, met 'n menigte mooi Printjiis en Leesstukkiis. Nou 6d., per pos 9d.; 6 ex. ver 3s. 9d.

Di Spogduiwel. Nou per pos 8d.; 12 ex. ver 2s. 6d.

Gebeurtenisse uit di Kaffer Oorloge van 1850 to 1853, 1846, 1834 en 1835, deur P. J. Coetzer, prijs per pos 9d.

Di Wege des Here met George Muller, prys 6d.

Di Afrikaanse Boer, No. 2, 3 en 4. Bevattende 'n menigte nuttige wenke en reseppe in belang van di Boerdery in ons land, prys, 3d. stuk.

Di Geskiedenis van ons Land in di Taal van ons Volk. Twede uitgaaf. (Aangevul tot 1895 en vermeerder met Bylage), prijs 4s. 6d., per pos 5s.

Di Suid Afrikaanse Kook, Koek- en Resepteboek. Sesde druk. Deur Mej. E. J. Dykman, prys 2s. 6d., per pos 3s.

Verkrijgbaar bij D. F. DU TOIT & Co., Beperk, Paarl.



DEEL 2.]

ONS KLYNTJI, APRIL 1897.

[No. 2.]

Inhoud.

GELUKWENS FER "ONS KLYNTJI."	...	...	...	25
KLYNTJI, MOET NI LOL NI!	...	...	...	26
DI KONINGIN VAN SKEBA.—Twede deel.—X. 'n Twede Omruiling.—XI. Elihoref in Egiptes Gehyme ingewy.	...	...	...	26
EK SOEK 'N FROU.	...	...	...	34
'N GOEIE LES.	...	...	...	34
DIRE STORIIS.—Oorlog tussen Geveugelde en fiirfoetige Dire.—Hoe Jakhals fer Wolf gefop het.—Skulpad en Bobejaan fop Makaar.	...	...	...	35
'N LENTE-AAND MYMERING.	...	...	...	36
DI BEKOMMERDE HUISFROU	...	...	...	36
'N BRIEF VAN PIET RETIEF AN SIR A. STOCKENSTROM	...	...	...	37
'N BANGE O'ENBLIK	...	...	...	38
PORTRETTE VAN SIR GORDON SPRIGG EN SIR THOMAS UPINGTON	...	...	...	41
PORTRET VAN MNR. PIETER H. FAURE	...	...	...	42
DI ENGELSE AFRIKANERS	...	...	...	43
FANI EN NELL.—(Ferfolg)	...	...	...	43
'N KLYNE FERMANING AN "ONS KLYNTJI"	...	...	...	44
PORTRET VAN DR. TE WATER...	...	...	...	45
WAT 'N HOLLANDER AN AFRIKANERS FERTEL	...	...	...	46
'N GROTE BEESHOORN	...	...	...	46
O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE	...	...	...	46
GESELEERY MET MYN SKRYWERS EN LESERS...	...	...	...	47

Gelukwens fer "Ons Klyntji."

Geluk, *Ons Klyntji*, sê ek jou.
 Twaalf maande was jy goed getrou.
 Elkeen wat het fer jou gelees
 Het fer di twêde jaar gen frees.
 Reguit het jy di pad gefat;
 Nou het jy al 'n pak of wat,
 Wi het al ooit so iits gewaag?
 En sonder ooit 'n woord te klaag.
 Hoewel nog klyn was jy gereed
 Met ons te praat, as ons jou kleed.
 Fiir silings het jy net gefra,
 Laat jy 'n pakki oek kan dra.
 Slim is jy fer 'n kind, dis waar,
 Wat nou begin syn twêde jaar.
 Ek hoop o'er tiin jaar sal jy wees
 'n kind wat fer gen man meer frees.
 Ek hoop om jou dan nog te lees.
 Jy werk met heldemoed en gees.
 Ek wil jou nou ni langer pla,
 Want anders sal jy seker fra:
 Waarom ek ni kan beter dig.
 Né, wag, dit is mar net myn plig,
 Ek wil jou dit nou net nog sê:
Ons Klyntji wil ek seker hê;
 Fiir silings stuur ek nou weer op,
 En hou fer *Onse Klyntji* dop.
 Nou kom, *Ons Klyntji*, goede aand!
 Herfat jou rys weer deur di land.
 Sê groete an almal wi jou fra.
 An boeti, sussi, en an pa.
 Myn rympe sal ek nou mar sluit,
 Want kyk myn lampi is al uit.
 Stefaans Coetsee is tog myn naam,
 Met *Onse Klyntji* werk ek saam.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik en Kerke-
 lik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud
 bisonder belangrik. Prys nou net mar 'n 6d. per pos.
 Kontant.

Klyntji, moet ni lol ni.

'k Wens, dat ons *Klyntji* dri dri kom,
Om nog te kom besoek:
O, dan sal ek gewis oer hom
Baing bly wees, dis 'n boek

Hul sal my dan te feul ni wees,
Ek sal so gou as nou
Fer hulle almal dwarsdeur lees:
Dan hoor ek wat ek wou;

Want Dani was in d' harde pad
En Anni was so sleg,
Di Dokters het haar opgege:
En wat word nog geseg?

Dit is dan mos wat ek wil weet,
Ons Klyntji kom dan ni!
Ek wil mos hoor hoe 't dit gegaan;
En wat daar is geski.

Di een-een *Klyntji* is te min;
Né, hul moet dri-dri wees,
Dat ek kan lees so feul as ek
Mar lus het om te lees,

Want wanneer kry ek dan di ent?
Dit is dan mos al oud:
Ja, seker is dit lang bekend
A né, dit is 'n fout!

Ons Klyntji moet nou ophou lol
Om stuk-stuk te fertel,
Ek wil 'n stori hoor glad vol;
Ja hoe dit is gesteld.

En nou, *Ons Klyntji*, wees tog goed
En breng fer my altyd
'n Stori met syn kop en voet:
Wat is dit fer 'n malhyd?

P. D. BURGER.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry, en glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brand-siikte wet van 1894; di kos alleen al 1s. 6d. Dan is daar 'n gids (of 'Directory') van sowat al di dorpe en distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrengste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge en dit alles net ver 6d. nou dit al laat in di jaar word.

“ONS KLYNTJI.”—Di eerste jaargang Maart '96—'97 is nou ingebonde in 'n stywe konfert en ferkrygbaar fer 5s. stuk. Nuwe intekenaars wat ni meer nommers fan di eerste jaargang kan kry ni, kan nou op di wyse gehelp raak.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, geskrywe deur Elihoref, Salomo syn gehym-skrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg is onder di berg Afoer by di gebalsemde lyke fan di Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di berg ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di tweede deel befet di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befin-dings.

Di perkamentrolle is by plekke beskadig deur fogtig-hyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 rifire (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprong het—en hoe di eerste mense affallig geworde het en deur God gestraf is. —Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel; by di ingang is di sondefloed afgebeel en ferder bese geeste.

Klaas werd deur 'n Mamba-slang gebyt en deur Umsalomi genees met slanggif. Di afstammeling fan Gam kom na di Sondefloed terug na Afrika, en stig di ryke fan Egipte en Etiopië. Syn seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland, en syn seun Skeba stig hiir di ryk.

Hatasu, Koningin fan Egipte stuur di eerste skippe na di Goudland toe, 700 jare foor Salomo; sy maak 'n o'ereen-koms dat di Konings fan Egipte ferder di Koninginne fan Skeba sal anstel, en laat alles afbeel in 'n tempel, di beskrywing en afbeeldings kom o'ereen met di aftekening hiir in di oue grafkelders.

Ons dokter ons ossa gesond fan di tsetse-vlieg syn steek met slanggif. Daarop lees ons uit di rol di geskiedenis fan Josef in Egipte, waaruit blyk dat di Koningin fan Skeba 'n afstammeling fan Josef is.

Di Ingang tot di grafkelders was di follende nag toege-fal met di reen. Ons stuur fer Klaas te pèrd om te gaan Boesmans huur om te help ope grawe, en laat fer Umsalomi di osse oppas. Di aand kom gen een fan di twe uit ni. Di rol fertel fan di Priister-Konings in Egipte en gé 'n beskrywing fan 'n Fees fan di son en fan forstelike Liifdesgehyrne, waarvan di uitslag is dat twe Prinsesse kort na makaar gebore, mar in di gehym omgeruil worde, en dis twe hoofpersone in di ferdere geskiedenis.

Di Kroonprins fan Egipte was ferliif op 'n Egyptiese prinses uit di priisterstand, 'n afstammeling fan Josef, Osifra, mar syn fader, di Koning, dwing hom om met 'n ander prinses te trou, uit di frøeger koninklike stam, haar naam was Ramaka. Alby prinsesse befalkort na makaar, elkeen fan 'n dogter, en op Osifra haar ys word hulle stilletjies omgeruil. Haar dogter, Hanes, word an di hof opgefoed as kroonprinses, en Ramaka haar dogter, Balkis, foed sy self op as priisteres. Toen hulle groot was werd Balkis koningin fan Skeba en Hanes trou met Salomo 'en Osifra gaan same met haar na Jerusalem as een fan haar hofdames.

Salomo stuur skippe na Skeba om goud te haal en stuur 'n brief an di Koningin om hom te kom besoek. Sy kom met 'n karavaan o'er Egipte, en fandaar na Jerusaleem waar sy feestelik ontvang worde. Daar loseer sy in di Palys fan Hanes, en Osifra openbaar an hulle twe di gehym fan hulle geboorte en omruiling onder voorwaarde fan ferdere gehymhouding.

Balkis besoek fer Salomo in di Libanon Palys, wat beskrywe word, en bring hom 'n persent fan 100 Slawe en 100 Slafinne met kosbare geskenke, waarby 'n goue kroon en goue septer met diamante. Salomo gaan di follende dag met haarry na syn Tuine en Fywers. Oppad gé sy fer hom di raaisel fan di geboorte en omruiling fan haar en Hanes, op 'n ferbloemde manier, en fra hoe so'n saak nou sou moet uitgewys worde? Salomo syn antwoord is: deur weer om te ruil, sodat ider op haar regte plek kom, iits wat Osifra tot dipere gedagtes bring, by wat sy meer opgemerk het.

Osifra en Hanes het oek opgemerk dat di Koning en Balkis ferliif is op makkaar, terwyl Hanes en Elihoref makkaar hymelik bemin. Hulle twe maak 'n plan om weer om te ruil, sodat Balkis bly as koningin fan Salomo en Elihoref megaan met Hanes na Skeba, onder voorwensel om di geskiedenis en toestand fan di land te beskrywe.

TWEDE DEEL.

X. 'N TWEDE OMRUILING.

Di Boesmans fergiftig ons Water.—Di Anslag deur Klaas ontdek en afgeweer.—Elihoref in di Tronk.—Balkis deur Osifra en Hanes met hulle Plan bekend gemaak stem in, en sal Floerspraak wees fer Elihoref di Aand as sy by di Koning gaan eet.—Di Rol hiir beskuldig.

EK sit di agtermiddag nog te fertaal toen Klaas froeger as gewoonlik met di osse terug kom. Hy kom dadilik sa mij, wat al freemd was, want hy gaan anders stil syn koers en praat ni as dit ni nodig is ni, en sê: "Baas, ek denk di Boesmans het ons water fergéwe."

Ek fra hom hoekom hy dit dan denk. Toen fertel hy fer my, hy het al fereers opgelet dat di Boesmans wat hiir werk nog in gedurige gemeenskap is met di Boesmans fan di kraal. En di oggend het hy opgemerk dat hulle fer hulle 'n kalbas water meebreng het, terwyl hulle anders hulle kalbas hiir folmaak fan ons water. En toen het hy in di dag ekspres naby di water gewy met di osse, sodat hy altoos ongemerk di fywer kan in di oog hou. En hy het toen twe Boesmans gesien daar by di water. Daarom het hy ni di osse di aand laat suip ni, en fer ons had hy fersigtig drinkwater geskep uit 'n kuiltji bokant di fywer in di waterfatji; mar di ketel het hy fol water fan di fywer gebreng.

Ek stuur hom dadelik om dit an di dri frinde te fertel, mar sê fer hom, hy moet di Boesmans daar niks fan laat merk ni, en een fan di tase moet by hulle bly, terwyl di ander twe met Umsalomi moet kom. Sodra hulle kom besluit ons om fan di water uit di fywer

an 'n mak miirkattji wat ons had te gé om te kyk wat di uitwerking is, en dit het oek i lank geduur ni of di kattji kry di stuiptrekkings. Umsalomi sê toen dadelik: "Ja, daar is gif in di water." Op ons ferfoek gé hy di kattji di afskraapsel fan 'n worteltji in, wat hom laat fomeer, sodat hy later gesond word.

Henni was woedend: "Di frotsige Boesmans is te sleg om te werk en dan wil hulle 'n mens nog fergéwe, om ons goed te fat. Hulle moet nou net self di fergiftige water drink."

"Né, Henni, hulle moet nog eers di gat help ope maak,"—merk Neef Gideon an.

"Né, laat di frot goed dood, of ja hulle weg; hulle sal di gat tog nooit ope kry ni. Ons kan oek mar gerus weggaan hiir fan di plek af." So gaan Henni mar an met pruttel.

Ek sê hulle toen, follens Klaas weet di Boesmans goed fan di fergéwery. Sodas as ons hulle fanaand laat terug gaan, dan sal hulle morge oggend ni kom werk ni. Mar hulle sal natuurlik kom spioen wat fan ons geworde is, en dan sou ons hulle kan foerle en skiit. Mar ek wil hê hulle moet eers di gat klaar help ope maak. Daarom is myn plan ons gaan almal same eers soheentoe en neem rime same en maak hulle almal fas. Dan bring ons hulle by di wa en sê hulle moet di water drink, en wil hulle ni, dan is ons séker dat hulle oek same dadig is. Dan gé ons hulle 'n goeie drag sla, en sê ons maak hulle al aande hiir fas by di wa tot di werkeers klaar is. Ons gaan, en sonder 'n woord met hulle te praat maak ons hulle almal di hande fas en bring hulle by di wa. Hulle was glad ferbouereerd. Mar hulle wyger om di water te drink. Ons dryg hulle met di sambok, mar dis ferniit. Ons maak hulle toen almal fas an di wa en an 'n paar bo-me en gé hulle elkeen 'n ordentlike loesin. Toen gaan ons di fywer leeg skep en skoon maak, om dit weer fol skoon water te laat loop. Dit was tien al aand toen ons terugkom, en di arme Klaas en Umsalomi kom donker aand eers terug, want hulle moes wag tot di fywer weer folgelopen is om di osse te laat suip.

Henni was boos di hele aand op di Boesmans en wou hulle gen kos gé ni. Mar ons het fer Klaas en Umsalomi laat frys braai om fer hulle te foer, want ons wou hulle ni los maak ni, dan sou hulle weg hardloop. Mar hulle wou ni eet ni; want toen di aand ankom word di stomme goed al meer in di nood en hulle smeek ons moet hulle tog mar los maak of anders dood skiit, want hulle is tog te bang om in di nag hiir te bly. Mar ons sê: "Julle straf is dat julle nou verder al nagte hiir sal mo t bly tot di werk klaar is."

"Nou sal jy siin werk morge," sê Henni. "Ek sal hulle nou laat gawe en klippe rol dat dit help. Net morge moet di gat o, e."

Nadat ons 'n stukki ge'eet het sê ek: "Nou wel, laat ons mar di ergernis fan di Boesmans fergeet, terwyl ek nou fer julle foerlees wat di ou rol verder gesels."

"Ja, laat ons hoor," sê Henni, terwyl hy syn pyp opsteek en ek begin aldus:—

Di aand was Balkis alleen in haar kamer en wou nimand siin ni. Sy had behoefte an eensaamhyd om di onderfinding fan di dag en feral di gesprek met Salomo te o'erpyns.

"Ag, ek is tog mar di ongelukkigste froumêns op aarde. Wat help dit my dat ek 'n Koningin is. Ek mag nooit di genot fan liefde smaak ni. Nooit mag ek 'n man omhels of 'n kind an myn hart druk ni. 'n Frou is gebore om te bemin en bemin te worde. En ag, wat is 'n frou sonder liefde? 'n Boom sonder frug, 'n fontyn sonder water, 'n lamp sonder lig... Né, meer, sy is ni alleen onfrugbaar ni, mar oek ongelukkig. Sy soek altoos na iits wat sy ni kan kry ni...

"Mar né, myn lot is nog swaarder. Ek het lief, mar ek mag ni bemin ni. 'n Moeder het ek, wat ek ni mag omhels en begroet as moeder ni. En nou, ag, di juweel onder alle manne fan di wêreld! Kon ek mar een fan syn froue, al was een fan syn bywywe, ja een fan syn slafinne wees! Mar selfs di slafinne wat ek fer hom gebreng het is gelukkiger as ek. Want hulle kan altyd foor hom staan en syn skoonhyd siin en syn wyshyd hoor. Mar ek moet weer terug na myn fêrre land, om myn eensame lêwe te slyt.

"Mar wag, wat het hy gemeen met te sê, op di raaisel wat ek fer hom gegé het, dat di beste oplossing fan sulke omgeruilde dogters is om weer om te ruil, dat elkeen op haar regte plek kom? Ek het gemerk uit syn blik waarmee hy fer my to'n ankyk dat hy daar iits mé gemeen het, kan dit wees dat hy di gehym fan di geboorte en omruiling fan Hanes en my weet. Kan dit wees dat hy in syn gedagte kan hê, dat Hanes en ek moet omgeruil worde? Dat ek hiir moet bly en Hanes in myn plek terug moet gaan? Mar né dit kan ni wees ni. Dis mos onmolik. Hanes sal dit nooit frywillig doen ni en sy kan tog tot so iits ni gedwing worde ni. En as dit hiir al ni gemerk word ni, sal hulle dit in Mitsra'im [**Egipte**] merk as sy met teruggaan daar an di Hof kom, en in myn land sal hulle dit oek merk. Né, dit is onmolik. Mar di Koning het my ge ooi om morre aand by hom te kom eet, dan sal ek wel nader siin en hoor wat syn gesindhyd en foornemens is....."

Sodanig was di o'erpynsings fan Balkis di aand. In sombere stemming gaan sy slaap, mar dit het laat geduur foor sy in slaap fal, en toen droom sy fan on-

gelukkige liefde te midde fan dartelhyd en prag en rykdomme.

Diselfde aand ontmoet Elihoref fer di koningin Hanes in 'n andere fertrek fan di palys, in di gehym, soos froeger meermale. Onwillekeurig was di gesprek, dadelik o'er di Koningin fan Skeba, haar besoek by Salomo, di gemeensame manier waarop di koning haar ontfang het en di rit fan di agtermiddag. Mar Hanes had feral di ontmoeting bestel om an Elihoref te fertel di gehym wat haar moeder Osifra fer hulle di forige aand geopenbaar het en di gesprek wat hulle twe di agtermiddag gehad het op di terugrys, omtrent di tweede omruiling; want sy was gewend om al di gehyme fan haar hart an hom te openbaar. Dit het dan oek ni lank geduur ni of sy fertel hom alles openhartig, en sy fergeet feral ni om daarby te fertel, dat sy an haar ma gesê het, dat sy tefrede sal wees met di omruiling onder een foorwaarde: dat hy met haar samegaan na Skeba toe.

Elihoref noem dadelik al di besware op fan di plan, feral dat dit onmolik is om dit te doen sonder opgemerk te worde, insonderhyd deur di skerpsinde blik fan Salomo; en dan wi sal fer Salomo pols of hy fer hom sal laat samegaan, en onder watter foorwendsel?

Hiir op had Hanes gou 'n plan. Salomo het al meer fan syn gehymskrywers uitgestuur na andere lande om di geaardhyd en geskiedenis fan di lande te beskrywe, en hy wil graag meer weet fan di land fan Punt. Nou moet dit net fer hom foorgestel worde dat hy fer Elihoref moet samestuur met di Koningin na Skeba toe om fer hom noukeurig alles te beskrywe.

"Di plan lyk goet," sê Elihoref, "mar wi sal nou di koning pols of hy dit sal wil doen?"

"Di beste is, Balkis gaan morre aand by di Koning eet, dan kan sy fer hom fra om een fan syn skrywers same te stuur"—merk Hanes an.

"Goed," sê Elihoref, "mar daar is juis di knoop. Weet sy al fan di plan? En is sy tefrede daarmee?"

"Né, sy weet daar nog niks fan ni, want fan middag het ek en ma dit eers bespreek. Mar sy sal seke daarmee instem, want sy is smoor ferliif op di koning en hy op haar oek. Dit het ons fan middag al te goed kan siin."

So was Hanes telkens klaar met 'n antwoord op elke bedenking van Elihoref. En di afspraak was, sy of haar ma sou di follende oggend met Balkis di plan bespreek, en as sy dit goedkeur, dan meteen afspreek dat sy di koning moet pols omtrent Elihoref syn megaan. Elihoref erken oek, dat di saak baing gemakkelik gemaak word deur dat di twe koninginne so baing na makkaar lyk, en hy en Hanes ferbly sig al in di fooruitsig fan los te wees fan di kluisters fan di hof hiir, om fryer di liifde fan makkaar te kan geniit. En nog gemeensamer as froeger was hulle omgang di aand en nog harteliker di afskydsgroet.

Di follende oggend was daar 'n h le opskudding in di palys toen dit bekend word, dat di koning fer Elihoref, syn gehymskrywer, in di tronk laat sit het. Nimand weet di rede waarom ni. Mar Salomo syn geregsoefening was baing streng, feral as dit syn hoofambtenare betref.

Toen Hanes di berig kry fal sy flou fan skrik en ontsteltenis. Een fan haar Kamer-mysiis het haar di berig gebreng. Gelukkig kom haar moeder, Osifra, kort daarop oek in. Sy wou self di berig an haar dogter gebreng het op 'n sagte maniir. Nadat Hanes gelawe was en weer bygekom het, laat Osifra di kamer-mysiis uitgaan en h le twe bespreek toen di t estand eers alleen. En di besluit waartoe hulle kom was om nog diselfde oggend hulle plan fan omruiling met Balkis te bespreek. Di samekoms word bepaal en Osifra was weer di een wat di woord neem.

"Myn kinders, eergistraand het ek fer julle di gehym fan julle geboorte en omruiling geopenbaar. Nou wil ek fan morge 'n plan met julle twe bespreek. Daartoe moet ons folkome openhartig met makkaar p aat onder di strengste gehymhouding. Kyk, di koning het fer Elihoref in di tronk gest en ek frees di ergste fer hom. Ek het al lank gemerk, dat Na'ama jaloers op Hanes is en besig is om kwaad te stook teen Elihoref, en sy is nou di gunsteling onder di froue fan di koning..."

Hiir fal Hanes in : "  Ja, dis nimaand anders as sy, want gestraand het ek weer een fan haar kamer-mysiis hiir gesiin, om alles af te spioeneer wat hiir gebeur, en af te luister wat hiir gepraat worde."

"Nou kyk, kinders," herfat Osifra, "ek het julle alby liif as myn yge kinders en ek wens om julle alby

gelukkig te siin. Daartoe het ek net een plan. Hoor nou mooi na my, ek sal nou reguit en openhartig praat. Hanes is ferliif op Elihoref en hy op haar, mar ek het geweet hiir an di hof mag hulle daarfan niks laat blyk ni. En an di ander kant het ek goed g, siin dat di koning ferliif is op Balkis en sy op hom. Mar as Koningin fan Skeba mag sy ni trou en moet dus terug na haar land. Nou is daar net een plan. Ons moet julle twe weer stilletjiis omruil. E n keer het ek di ruil bewerk, toen julle nog babetjiis was en nou sal ek dit wel weer kan bewerk. Dan bly Balkis hiir, as koningin fan Salomo, en Hanes gaan weg as koningin fan Skeba. Nou wat s  julle twe hiirfan?"

Hanes fal weer di eerste in : "Ja, mar Elihoref, wat word dan fan hom ? Ek gaan nooit sonder hom ni."

"Dis juis di enigste plan om fer hom fry te kry. Fannaand gaan Balkis by di koning eet, en dan moet sy fer di koning fra om fer Elihoref met haar te laat samegaan om di land fan Punt en di goudmyne en di natuur fan di land en di geskidenis fan di ryk fer hom te beskrywe. Di koning sal seker na haar hoor. Balkis, wat s  jy daarfan?"

Balkis was ferbaas om di foorstel te hoor wat so net o'er enkom met wat sy di forige aand o'erdenk het. Sy opper eers enige besware en bedenkings teen di plan, mar Osifra en Hanes neem dit so gou en so folkome weg, dat sy haar toestemming tot di plan g , en anneem om di koning di aand te fra om fer Elihoref tog ni te straf ni, mar liwers met haar te laat samegaan na haar land toe. Daarop word nog enige bisonderhede fan di plan bespreek en toen gaan hulle uit makkaar, want di uur was weer daar dat Balkis

* * * * *

[Hiir was di rol baing beskadig en fer di grootste gedeelte onleesbaar, sodat ons mar di stukke g  wat leesbaar is].

* * * * *

"...alles reg ; jy hoef nou ni meer te treur en te huil ni. Maak nou mar fer jou klaar, want hoe eerder julle nou fertrek, hoe beter ; di koning het baing speurhoede en hulle neuse is fyn. Lek di gehym uit, dan is di tweede dwaling erger as di eerste."

"Ja mar sal ma dan agterbly ? Ek kan daaran ni denk ni. Ma was myn beskermengel fan myn geboor-

te af, en hoe sal ek nou ra 'n freemde land gaan sonder di hulp en raad fan ma, wat fer my tot nog toe alles was?—Né, ek kan son 'er ma ni gaan ni." Dus antwoord Hanes éwe beslis.

"Myn kind, ek kan ni megaan ni. Daar is gen rede of foorwendsel fer my om mé te gaan ni. Dit sal ons hele gehym ferraai. En dan, di halsband wat ek fer jou gegé het sal jou beskerm en befylig en jou geluk beforder. Bowediin, Elihoref sal fer jou tot hulp en steun wees, en di twe raadsmanne wat Balkis megebreng het is oek ferstandige manne, en sy het angencem om fer hulle in di gehym in te wy. Dus sal jy my ni mis ni"—antwoord Osifra, hoewel sy sig moes beteugel om fer haar kalm te hou, want sy had fer Hanes innig liif.

En Hanes fal om haar en huil. En net kom Balkis in. Toen sy hoor wat di rede fan Hanes haar ferdriit was, sê sy: "Ek weet 'n plan. Laat Osifra fer di Koning fra 'om same te gaan om an Mitsra'im [Egipte] di anstaande fees fan di son te gaan bywoon, en daarfandaan af kat sy an di koning berig stuur, dat sy"

* * * * *

Hiir hou ek op en sê fer hulle ferder is 'n grote stuk fan di rol so onleesbaar dat ek ni di sin agter makkaar kan kry ui.

"A né, di ou rol moet dan ni so peuter ni,"—sê Henni; "soos 'n mens regte lekker wil luister, dan breek hy af. Ek wou nou so graag geweet het of di dri frou-folk dit r-g gekry het om ou Salomo om te loop. Reg, 'n frou-mens is tog daarom mar listig om planne te maak."

"Mar, Henni, siin jy dan ni hoe di ding in makkaar sit ni,"—sê Neef Gideon weer so half spottend. "Hulle ferbeel fer hulle dat hulle fer Salomo fop, en al di tyd het hy dit so o'erle, dat hulle net uitfoer wat hy wil."

Hiir op merk neef Hendrik op: "Nou ferstaan ek eers reg waarom di Bybel sê: 'Sy kom na Salomo en spreek tot hom al wat in haar hart was,' en dan weer fan hom: 'En di koning Salomo gé an di Koningin fan Skeba al haar behage, wat sy begeer; behalwe dit gé hy haar na di fermoge fan di Koning Salomo.' Dus buiten di persente het hy an al haar ferlange feldoien."

Hiir op merk ek an: "Behalwe wat in di Bybel staan spreek di Joodse en Arabise en al di oue o'erle werings daarfan dat di twe op makkaar ferliif was, en di o'erlewerings fan di Abissini'ers, in Noord Afrika, is dat hulle konings tot fandag afstammelingen is fan 'n seun fan Salomo by di Koningin fan Skeba."

"Maar hoe het hulle dit dan o'erle om di twe om te ruil dat nimand dit merk ni!—" fra Henni, waarop

ek hom op di follende punte wys: 1) di twe was halwe susters en het baing op makkaar gelyk; 2) di oosterse dames dra mos sluiers, dit maak dit maklik, kyk di omruiling fan Ragel en Lea; en 3) Salomo was ygenlik di man wat dit moes merk en hy was blykbaar tefrede met di ruil, as hy al ni di bewerk r was ni.

"En is di héle stori nou uit?"—fra Henni, waarop ek antwoord dat di derde rol nog daar is en di is di grootste. Daarmé was Henni tefrede, mits ek finnisg fertaal. En daarna gaan ons slaap.

XI. ELIHOREF IN EGIPTES GEHYME INGEWY.

Umsalomi wil ons by Nag fergéwe en di Boesmans los maak.—Klaas ontdek dit, en skiiit hom in di Béne.—ns breng hom di follende Dag terug.—Ons kry di Grafkelders weer ope, en laat di Boesmans gaan.—Elihoref ingewy in di Gehym fan Egipte.—Hiir nog mar di Foorhof, an Mero'e di Hylige, an Kent di Allerhylligste.

DI nag terwyl ons almal in dipe rus is skrik ons wakker deur dat Klaas hard skré: "Baas! Baas! Kom gou!" Ons spring almal haastig op en daar fal toen al 'n skot. Toen ons by hom kom fertel Klaas ons éwe haastig, dat hy suspisi had op Umsalomi, en fer hom beloer het toen ons gaan slaap. Hy het eers na di waterfatji gekruip en het daar iits ingegoi, en toen het hy na di Boesmans gekruip en begin fer hulle los te maak. Klaas wou ons toen stilletjiis wakker maak, mar Umsalomi het dit gewaar en di feld laat skeur, en hy het hom toen 'n skot patrys-ha'el in di béne gegé. Hy dwing ons moet hom agterna sit, want dis maanskyn, en hy weet di kers wat hy geneem het. Mar Henni sê: "Né, laat di frotsige Kaffer loop, want hy dwing mos nou om fer ons dood te maak. Ek sal fer my ni gaan moeg loop agter hom an ni, en kry ek hom nou, dan skiiit ek hom tog so seker dood." En ons was almal fan gedagte dat dit tog moeite te fergeefs was om nou in di nag agter di Kaffer an te gaan loop.

Di follende oggend kry ons di bloedspoor fan Umsalomi, en ons folg dit. Klaas is 'n baing flukse spoor-snyer; di wonderliik hoe skerp so'n klyne Koranna syn oge is. Di spoor gaan in di rigting fan di Boesmans hulle kraal. Henni, en Neef Hendrik gaan met Klaas same, en Neef Gideon en ek bly by di Boesmans, wat ons nog laat fas lê.

Gelukkig het hulle wat kos en water megeneem. Hulle kry hom eers di agtermiddag, anderkant di rifir waar di Boesmans snags geslaap het. Deur di bloedferliis was hy flou fan di dors. Hulle he fer hom toen wat kos en water gegé en so het hulle sutjiis met hom terug gesukkel, sodat hulle mar teen di aand eers terug kom by di wa. Syn wonde was egter ni dodelik ni. Klaas het hom mar met di skoet hagel in di béne geskiiit.

Di Boesmans moes dus di h le dag fas l  en di nag oek nog ; sodat hulle dus twe nagte en 'n dag tronkstraf gehad het. Henni wou h  ons moes di aand fer Umsalomi oek fas maak. Mar hy praat so mooi en ons dog hy het al straf genoeg gehad ; so het ons fer hom mar laat los bly, en hy het oek niks gemaak ni.

Di follende dag het Henni oek di Boesmans opgedruk—Umsalomi kon nog ni werk ni—en foor di son reg onder was had hulle di eerste opening weer so f r skoon, dat 'n mens daar kon in. Mar di klipdeur foor di ander, nuwe opening was te swaar om so ope te kry, en dit was toen oek al te laat om nog ferdere ondersoekings te doen.

Toen hulle nog 'n end fan di wa af ankom—dit was 'n warme dag, en ek sit onder 'n doringboom en skrywe—toen skre Henni al fer my : “ Ek het mos ges , ek sal di Boesmans nou laat werk dat dit help. Di gat is nou ope. Nou kan julle weer soos dassiis in di gate gaan kruip.”

Fer di fylighyd het ons di Boesmans eers laat eet en toen weer fas gemaak, hoewel hulle baing soebat en moie beloftes maak. Toen ons oek 'n stukki ge et het begin di geselsery weer by di fuur. Di grote fraag was of ons nou mar di Boesmans sou laat gaan, en tefrede wees om net di grafkelders waar ons reeds in was en wat nou weer ope is te ondersoek, dan of ons eers sou perbeer om di andere klipdeur oek weg te kry.

Sofeul was seker dat di klipdeur te swaar was om dit so weg te kry. En gaan ons weer dit met 'n grote skot dinamiit laat weg spring, dan loop ons gefaar ni alleen dat di gat toefal ni, mar di ander-een oek wat ons nou weer ope gesukkel het ; want di twe ingange is naby makkaar.

Ydelik was ons besluit om nou eers di grafkelders wat ons nou weer ope het noukeurig te ondersoek, en dan met dinamiit te perbeer om di ander gat oek ope te kry. Di Boesmans sou ons intussen mar laat loop ; want dis te gefaarlik om fer hulle te hou.

Na di bespreking stop hulle di pype en ek begin weer te lees wat ek di twe dage fertaal het. Mar eers fertel ek fer hulle wat ek denk dat di ferband is ; want di end fan di twede rol en di begin fan di derde was fermuf en grotendeels onleesbaar. Uit di brokstukke wat ek hiir en daar kon ontsyfer maak ek di draad fan di geskiedenis aldus op :—

Di omruilery fan Hanes en Balkis het deurgegaan, denkelijk deur Salomo self in di gehym beforder, waar-skyklik deur middel fan Osifra, hoewel hy sig geheel onwetend hou. Osifra is blykbaar megekom tot in Egipte om di sake daar oek reg te hou. Di ferhaal herfat waar di geselskap in Egipte is, terwyl Elihoref in 'n gesprek is met Hor-pa-seb-en-sha, seun fan di Koning Pinetem, broer fan Hanes en Hogepriister fan Amen-ra.

* * * * *

* * * “hiir in Mitsra'im [Egipte] is di skatkamer fan alle kennis en wetenskap. Alle wyse

fan alle lande kom hiir soos kinders om di wetenskap te leer wat hiir bewaar is fan di kindshyd fan di menselike geslag af. In ons tempels en in ons grafkelders is di oue geskiedenis afgebeel en beskrywe. Mar di ware sleutel fan alle kennis is di ferborge skat fan ons priisters, ni alleen fan di l we in hiir-di w reld ni, mar oek di leer fan Amen-ra, di ferborge God, en fan di deurgang fan di siil na di l we na di land fan lig en heerlikhyd. En dit alles is beskrywe in di “ Boek fan di Meester fan di Ferborge Plekke ” [Boek fan di Dode] en afgebeel in steen deur di aartsfader Melgisedek in “ Di Khut ” [letterlik Ligte, Egiptise naam fer di Grote Piramide]. As jy dus di waarhyd wil weet, en di sleutel tot di ware kennis wil h , moet jy hiir o'erbly en fer jou eers laat inwy in ons ferborge wetenskap, anders sal di land fan Khent [waar di Paradys was] en fan Punt [Skeba] tog mar fer jou 'n geslote boek fol onoplosbare raaisels wees.”

Elihoref antwoord hiir op : “ Wat, moet ek hiir kom leer ? En ek is di gehymskrywer fan Salomo, di slimste man fan syn tyd, na wi di forste en wyse fan alle lande kom om syn wyshyd te hoor. En wat di oue geskiedenis en di gehyme fan di godsdienis betref dit het Moses fer ons beskrywe fan di Skepping af tot nou toe. Wat sal ek dan hiir nog leer. Molik kan jy eer by my leer.”

Daarop antwoord di Hogepriister : “ Salomo mag slim wees, mar di sleutel tot di ware kennis het hy tog ni, di is hiir bewaar. En wat Moses geweet het, dit het hy tog mar hiir geleer. Mar in di woestyn moes hy dit beskrywe en dit mar fer di folk, an wi hy di gehyme fan ons ferborge wetenskap ni kon openbaar ni. Hy het net mar an di folk megedeel wat fer hulle nodig was, soos ons oek doen.”

Elihoref antwoord weer : “ Ja, mar by di wetgeving op Horeb het Jaw , di ware God, an Moses meer geopenbaar as hy in Mitsra'im [Egipte] geleer het, sodat by ons Hebreers ygenlik di hogere wetenskap en feral di ware godsdienis bewaar en ontwikkel is.”

“ Ag n , s  di Hogepriister, “ di geskiedenis en di godsdienis wat Moses fer julle nagelaat het is alles mar brokstukke fan wat hy hiir geleer het. Ons h  di boeke wat hy geskrywe het in ons tempel ; ek sal fer jou dit wys. Syn geskiedenis fan di skepping is

mar 'n korte samefatting fan wat ek fer jou hiir uitfoerig en folledig kan wys in beeld en skrif. Di Kennis-boom waarfan hy fertel met di slang as ferlyer kan ek fer jou wys op ons tempelmuur afgeteken. Di Gerubs wat di toegang na di Lewens-boom bewaak staan nou nog léwendig afgebeel op ons monumente. Julle wette het Mos's fan ons o'erge-neem, soos di besnydenis. Julle tydrekning, fan sononder tot sononder, is oek fan ons afkomstig. Julle Ferboudskis is oek 'n namaaksel fan onse, en persiis diselfde grootte, soos ek fer jou kan wys. So is di Koperse Slang oek mar nagemaak fan wat Moses hiir gesiin het. Di Goue Kalf wat julle angebid het is ons Mu'fis. Julle priister-klédning is oek fan onse o'eigeneem, soos di Urim en Tummim, di tekens fan koninklikhyd en waardighyd. En Salomo het oek mar fer ons nagefolg. Di plan fan syn Tempel, met syn ope Foorhof, syn Portaal, syn Hylige, en Allerhyligste, en syn sykamers, is op ons model gebou. Di twe pilare, Jagin en Boas, wat foor di Portaal staan, is mar 'n nafolging fan di obeliske wat by di ingange fan al ons tempels staan. Di leeus op di trappe fan syn troon het jy hiir gister gesiin op di trappe fan di troon fan Pinetem en so was dit hiir al eeue lank. En syn Libanon-Palys is mar 'n poging om ons grote sale op pilare na te folg. Mar julle folg ons na sonder di ware sleutel fan kennis wat al di dinge ygenlik beteken. Dit kan jy net hiir leer, mar daartoe moet jy hiir o'erbly om in ons gehyme wetenskappe ingewy te worde."

"Dit mag nou alles waar wees," antwoord Elihoref, "mar ons het daarom di diins fan di ware God suiver bewaar en julle het dit fermeng met afgodery."

"Dit sê jy en andere omdat julle ni bekend is met di gehyme fan ons godsdiins ni," antwoord di Hoge-priister; "want as julle daarme bekend is, dan sou julle weet dat ons nog hogere en suiverder begrippe het fan di ware God, mar dis mar fer di folk dat ons di godsdiins onder ferskillende forme foorstel na hulle befatting. Mar dit sal jy siin as jy jou laat inwy. Jy hoef di Godsdiins fan di ware God ni af te sweer ni; mar jy sal daarin meer befestig en ferlig worde."

"Nou ja, as ek myn God en godsdiins ni hoef te fersaak of af te sweer ni, dan sal ek graag fan di anbod

en geleenhyd gebruik maak om in julle gehyme ingewy te worde en dan hoe eer hoe beter."

Dit was Elihoref syn besluit en dadelik werd alle foorberydsels fer di inwyding gemaak. Eers kry hy enige gehyme boeke om in di tempel deur te lees, en di Hoge-priister neem hom daarna deur di tempel fan Amen-ra, en leg fer hom al di afbeeldings en sinne-beelde uit, en ferklaar fer hom feral di leer fan Amen, di Ferborge God, di Selfstandige Lig, di Enige en Eeuige, en tog Dri'enige, wat di Hoge-priister feral nader ferklaar op fersoek fan Elihoref:—

"Di Een God word deur ons angebid onder ferskillende name nadat Hy sig openbaar. Hy self sê: 'Ek is Tmu in di oggend, Ra op di middag, en Harmagi in di aand, want di name beteken skemerdag, middag en sononder. Net soos di dri forme fan di lig uitgaan fan één Son, so bestaan di dri persone same in di een wese fan di Ongeskape Lig, soos di liid sê:—

"o Amen, Oprigter fan alle dinge,

Atmu en Harmagi, alle mense anbid U.

U sy lof omdat uw rusplaas onder ons is;

U sy ére omdat U ons geskape het.

Alle skepsels fereer U, alle lande prijs U."

"Hiir word dus diselfde God onder dri name ange-roep as een God ['U' is oral enkelfoudig]. Di God sal di menselike natuur anneem en selfs ly en sterwe en weer opstaan tot hyl fan di mens, soos in di ferhaal fan Osiris geleer word. Di hele skepping word foor-gestel as 'n spi'el in di hand fan Amen, omdat Hy syn yge beeltenis, syn yge wil en bedoeling, daarin afgespi'el siin. Di mens feral is 'n afbeelding fan God, soos angetoon in di Kamer fan di Nuwe Geboorte. So is di eenige dinge altyd afgespi'el in di tydelike en di Selfstandige God in syn skepsels. In di middagson is di glans fan Ra afgebeel; in di ondergaande son di dood fan Osiris; in di dageraad syn opstanding as di fleesgeworde Horus; in di gloeiende fuur is di afbeel-ding fan di skeppende gees Pta; in di harmonise ferhoudings fan di heelal di Eeuige Wyshyd, Thôt, di Wil fan God; in di sterrehemel, gekroon met di hylige Bul en syn koeie [di Séwester], is afgebeel di onfergan-kelelike mooihyd fan Hat-Hôr [di Huis fan Horus], di opgestane God fan di Lig, di léwendige tent fan di Hylige Lig. Mar boweal is Liifde di beweegkrag fan di Heelal, di ferborge krag fan di Lig, di Bron en

Stroom fan di lêwe, di onnitputtelike Pontyn fan Freugde en Geluk fer di siil."

Daarna neem di Hogepriist-r fer Elihoref deur di Khut [di **Grote Piramide**] en wys fer hom an uit di Boek fan di Dode hoe in di inwendige gange en kamers fan di Huis fan di Ferborge Plekke afgebeel is di gang fan di siil na di dood langs di sterre-pad na di Eenige Lig.

Yndelik deel hy an Elihoref m^o di oorsprong fan di mensdom in di land fan Kent [di **Paradys**] en di ferspryding fan daar o'er di aarde en di befolking fan di land fan Punt [**Skeba**]. Mar hy gé fer hom nog mar di sleutel fan di ware kennis in di hand, en sê: "As jy fanhiir suidwaarts gaan, dan gaan jy terug al nader na di bron en o'ersprong fan di mensdom en fan di ware kennis. Het jy ni opgemerk dat di ingang en weg in di Khut [**Piramide**] na di Suide wys, en so oek al ons tempels en hylige boeke. As jy nou met di Hylige Rifiir Gihon [di **Nyl**] fan hiir opgaan, dan kom jy eers waar di twe grote takke fan di rifiir in makaar loop, daar is di Tempel fan Mero'e, gebou deur Enos, en dan ferder op an di foet fan di Maanberge onder di sonlyn kry jy di onste tempel fan di menselike geslag by di ingang fan di bergdal waar di Léwensboom gestaan het. Hiir is nog mar di Foorhof; by Mero'e is di Hylige, en daar in Kent is di Al'erhyligste. Hiir is 70 priisters; daaruit word altoos di hyligste en wyste uitgesoek en na Mero'e gebring waar 12 priisters di hyligdom bewaar, en daaruit word weer di uitferkorene gencem fer di sewetal priisters an Kent, waarfan een di Hogepriister is, wat in di diipste gehyme ingewy is. Moses was mar tot an Mero'e. Mar as Amen-ra jou gunstig is sal jy gaan tot an di land fan Kent, en ingewy worde in di diipste en hoogste kennis fan di mens.

"Daar is di hylige land fan Kent, di grote hoogland wat ons fereer as di wiig fan di mensdom. Na di one moederland word di hylige beelde en gereedsappe fan ons tempels jaarliks gebring om op nuw gewy te worde. Daar brand nog altoos di louterende hemelfuur fanwaar di fure op ons altare jaarliks fernuw worde. Di sile fan di afgestorwene fliig eers o'er di hele angesig fan di hemel en word dan daar ingewy onder di salige geselskap in di Suide. Daar in di hemelse land

fan Kent-Amenti, is di ferblyf fan di Ferborge God afgespigel op aarde by di Apatu, of Suidelike Hoogtepunt fan di aarde.

"Uit di Nuter Khart of Hylige Land fan di Afgestorwene, ontspring di goddelike rifiir Gihon [di **Nyl**], en soos dit afloop ferder fan di bron is di drifondige ferdeling fan di ware wetenskap en godsdiins. Hiir onder in Mitsra'im is di Rusta, di landstreek fan di Inwyding; by Mero'e is di plek fan Ferligting; en in Kent is di Amenti, di ferborge woning fan di ferborge God. Daar fêr in di Suide leg di aartsfaderlike land fan Punt, net soos Amenti, di ferwyderde woning fan di ongesine Fader. Daar onder di sonlyn is di troon fan di lêwegéwene lig en di oorsprong fan di lêwegéwende stroom. As di ingewyde siil di lyn fan di son beryk kom hy in di teenwoor ighyd fan di 42 regters fan di dode, wat di 42 distrikte met di 42 tempels fan Mitsra'im ferteenwoordig. Mar wynige lêwende word ingewy tot di gehyme wat jy sal siin en hoor in di Hylige en Al'erhyligste an Mero'e en Kent in di fêrre Suide."

Di inwyding fan Elihoref het twe weke geduur. Hanes en haar g'folg was kort buite di stad gekampeer, en sy met haar Ministers het net by kom en by fertrek 'n forméle besoeke gaan breng an ni Hof, want di betrekking fan Pinetem en Salomo was ni al te frindskaaplik in di tyd ni, omdat Pinetem fer Hadad en Jerobeam, twe ops'andeling, wat uit Filistia [**Palestina**] g'flug is geherberg het. Hanes en haar gefolg is dan oek al fooraf fertrek en Elihoref is agterna gekom tot hy hulle inhaal by Tébe, waar hulle fer hom gewag het.

Dit het gelyk of Henni min belang stel in di Egiptise gehyme, en toen ek klaar had met lees sit hy so'n rukki dood stil met syn hoof in syn hande en syn elboge op syn kni'e. Ek sê toen: "Arri, Henni, hoe lyk dit dan of jy fannaand sit slaap?"

"Né," sê hy, "ik sit nou en denk hoe di froumen-se hulle planne agt'r makaar gekry het, om oral so lekker deur te kom."

"En fer my is wêr di opmerkelykste watter suiwere begrippe fan godsdiins di Egiptenare gehad het. Ek sou baing graag wil gehad hê dat El horef fer ons meer daarfan moes beskrywe hê,—merk Neef Gideon op."

Ek maak hulle toen wêr opmerkzaam dat Elihoref natuurluk fan wat hy in di 14 dage gesien en gehoor het net so feul of liwers net so min medeel as

nodig is fer syn ferhaal. So'n gedenkrol kan natuurlik ni al te uitfoerig wees ni. Wat di suiwere godsdiens aangaan, in di Bybel self siin ons uit gefalle, soos fan Job en Melgisedek en Jetro, dat di diins fan di ware God nog in di hydenwereld op sommige plekke bewaar gebly is. En in geleerdhyd was Egipte di leerskool fan di wysgere geskiedskrywers en digters fan Grike en Romyne en alle oue folke.

"Mar fer my hinder dit 'n bitji," sê Neef Hendrik, "dat di Hoge priester dit wil laat forkom of M. ses alles daar in Egipteland geleer het."

"Mar di Bybel sê dit self," merk Neef Gideon an "dat Moses onderwese was in alle wyshyd fan di Egipte are, en dit sou 'n wonder wees as daarfan gen spore sou te finde wees in syn wetgewing ni. Dit doen ni te kort an di goddelike openbaring an hom ni; want ons siin wat goed is het hy behou, mar di afgodery en ander ferkeerte dinge het hy onder Go's lyding ni alleen ni opgeneem in di godsdiens ni, mar selfs leet."

"Mar julle moet ferstaan dat Elihoref syn inwyding in di gehyme ons fernaemelik medeel om ons te laat ferstaan wat di bronie is waaruit hy syn froegere en latere ferhale geput het. Ek is feral ferlangend om te weet wat hy an Mero'e en Kent sal opdoen en ons medeel." Dit was myn slot-aumerking en al di friinde deel di ferlange.

Ek soek 'n Frou.

Myn Moeder is 'n mysimeus,
Myn fader was 'n man,
Daarom is dit mos wat ek wens
Een frou te kryge kan.

Ek is so gek na 'n mysimens;
Ek trek fer hul party!
Daarom is dit mos wat ek wens;
Dat ek 'n frou kan kry.

Mar wat is nou di réde dan;
Dat ek gen frou ni het?
Sou ek dan ni een kryge kan;
Of is dit my belet?

Mar 'k denk, dis seker en gewis,
Ja, sekerlik net dit:
Dat ek 'n arme kerel is,
En weinig mar besit;

Daarom is ek fer hulle skaam,
Dus bly ek fan hul weg;
Want praot ek dalkiis met hul saam,
Dan sê hul fer my sleg;

Nogtans, het ek nooit moed ferloor
Om hulle te beha'e;
Ek bly nog daaglik op di spoor;
Ja, al myn lewensda'e!

Want sonder hul kan ek ni bly;
Dit is so seker waar;
Daarom sal ek fer hulle stry!
Al gaan dit nog so swaar!

P. D. BÜRGER.

'n Goeie Les.

IN 1832 ry 'n oue boer te pèrd na di Kaap. Di ou lyk na 'n ou koejatchoutfat tussen di ander fate, mar was fol lekker ou wyn, en di ander fol sure en slegte wyn. Hy kom in di Kaap en ontmoet dri Studente voor di Hotel-deur, wat klaar was om na Europa te gaan, twe om te studeer fer predikante, een fer dokter. Toen sê een an di boer: "Goeie morre, ou vader Abram." Di ander: "Goeie morre, ou vader Izak." Di derde: "Goeie morre, ou vader Jakob." Di boer sê toen. "Ek is ni Abram, Izak of Jakob ni, mar ek is di seun fan Kis wat di esels fan syn fader gaan soek het en gekry het.

Toen sê een student op engels. "Let us ask the old man to take breakfast with us." Di agtuurkos was dri harders en een bokkom. Hulle neem ider een harder en di ou kèrel kry di bokkom. Hy praot toen met di bokkom sutjis. Hulle kyk ferwonder na hom, en fra: "Ou kèrel, wat praot jy met di vis?" Hy sê: "Myn o'erlede fader is in di sé ferstuip, en ek fra of hy niks weet fan hom ni." "En wat sê di fis?" fra di Studente. "Hy sê hy is jonk mar ek moet an di groot visse fra."

Hul gé hom toen 'n harder, en hy praot met di oek sutjis. Hulle fra: "Wat sê hy nou?"—"Hy sê, hy het myn pa opgefreet; ek kan hom oek mar eet."—Toen praot hulle weer engels: "We must ask him for dinner too."

Di middag was daar 'n groot fis op tafel. Di een student neem di bo'enste gedeelte fan di fis en sê: "Waar dri tesame is, is een an di hoof." Di ander breek di middelste stuk af en sê: "Waar dri te same is, is een in di middel." Di derde sê: "Waar dri te same is, is een an di ynde," en hy neem di stèrt fan di fis.

Di ou kèrel spring op en gryp di horsweep en sê: "Di wat di weg geweet het en ni gewandel het ni, sal met dubbele slage geslaan worde," en hy kwint al dri goed uit. Di Hotelman roep uit: "Halo! Halo! wat is dit?"—"Né" sê di ou kèrel, "ek het di dri jongelinge mar afgeborsel, en ek het hard moet borsel; want hulle is fan binnekant baing fuil." Di een student sê: "Ek gaan jou ferkla." Di boer sê: "Julle onbeschaamde lummels, di eerste examen het ek julle deurgeborsel, en dis di fernaamste wat julle moet maak;

want al preek julle nog so mooi en weet ni hoe julle met medemensse moet omgaan ni, dan is julle ni tot stigting fer julle gemeente ni, en nog 'n raad gé ek julle, as julle 'n mens ontmoet, denk altyd dat hy net so sterk, net so fatsoenlik, net so ryk, net so geleerd is, as julle, dan sal julle nooit teleurgesteld word ni."

As julle meer wil hê, kan julle kry.

Koegab.

A. JURGENS.

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Dire Storiis.

OORLOG TUSSEN GEFLEUGELDE EN FIIR-FOETIGE DIRE.

MYN KIND, ek stuur fer jou oek 'n stori. Ek is ou oom Kotji Koen.

Eenmaal het di gefleugelde, en fiirfoetige dire makkaar di oorlog angesé. Di gefleugelde dire kies fer Tinktinkki fer Generaal, omdat hy di ligste en klynste was, om deur al di noue plekke te kom. Di fiirfoetige dire kiis fer Jakhals fer Generaal, om dat hy baing politiek en slinkse streke besit.

Di dag toen hulle ma'ar sou fat, toen sê Jakhals an syn komande: "Kyk, so lank ek myn stêrt omhoog hou is dit 'n teken fan o'erwinning; mar sodra ek hom laat sak, dan moet julle weet ons het ferloor; want hy sal wees fer 'n teken, as 'n flag."

Tinktinkki het dit toen goed gedink, om di bye di eerste kans te gé; en hulle fliig oek annakaar; 'n paar bye steek fer Jakhals net onder syn stêrt. Hy sê toen net een slag: "Kha, Kha!" en laat syn stêrt sak. Di ander dire dog hulle het di slag ferloor, en elk fiirfoetige diir sorg toen dat hy onder di bye uit kom. So het Tinktinkki di slag gewen. Met di omspring hoor jy net "soe! soe!!" Deur di Bobbejane so goed kon siin, siin hulle di eerste dat oom Jakhals se flag hang. So was hulle dan oek di eerste wat di slagfeld met 'n grote lewaai ferlaat het. Skulpad was heel agter, en tog het hij di minste pyle fan di bye gekry.

HOE JAKHALS FER WOLF GEFOP HET.

Jakhals di sê fer wolf: "Kom, laat ons na di boer se botter en brood-kamer toe gaan, en laat ons botter gaan steel." Mar Jakhals is slim: hy sê fer wolf: "Gaan in, ek sal kyk of di boer ni kom ni." Dog Jakhals is bang wolf sal alles op eet, toen gaan hy oek in, en hy fra fer wolf: "Waar is di botter?" En wolf sê: "Ek weet ni." Jakhals klim op di rak en haal di botter daar af, en hy set di botter bitji nader en hy fat

di brood en hy sê fer wolf: "Gaan kyk of di boer ni ankom ni." Jakhals fat toen fer hom 'n klip en hy smeer daar botter op, en hy gé dit fer di wolf, en hy fat brood en smeer daar botter op en hy eet. Wolf sê toen fer Jakhals: "Soe, jong, di brood is hard!" Toen sê Jakhals fer wolf: "Nou kom, laat ek jou foet fas maak an di rak, dan zal jy di brood insluk." Toen kom wolf en Jakhals fat di dik ketting en maak wolf se foet fas. Toen fat Jakhals 'n stukki brood en smeer daar botter op, en gé dit fer wolf, en wolf sluk di brood in. Toen sê Jakhals fer wolf: "Siin jy nou, dat myn plan gehelp het?" Toen fat Jakhals 'n stuk brood en gaan uit en skré: "Boer, boer! wolf is in jou huis!" Toen kom kyk di boer en siin fer wolf in syn huis, en di boer fat di groot sambok, en slaan fer wolf tot dat hy amper dood was, toen kom wolf los.

P. T. VENTER,
Boschaar.

SKULPAD EN BOBBEJAAN.

Oom Skulpad is langsaam, mar hy is daarom 'n oorlamse knapi. Hy het ni alleen fer Neef Hasi gefop ni, mar fer Oom Kees oek. Oom Kees het eers fer hom gefop en toen het hy hom dit goed betaald geset.

Oom Skulpad en Oom Kees plant een keer fer hulle elkeen 'n fyeboom, oom Skulpad dra syn boom nat, mar Oom Kees is te lui om dit te doen. Di gefolg was Oom Skulpad syn boom groei mooi, en Oom Kees se gaan dood.

Naderhand sit Oom Skulpad syn boom fol lekker fye, mar hy kan ni inklim om dit te pluk ni. Toen kom Oom Kees daar en presenter an, hy sal di fye afluk om di helfte. Oom Skulpad willig dit in. Mar toen Oom Kees eers in di boom sit, toen freet hy net fluks en stop syn wange oek fol. Oom Skulpad soebat toen hy moet dan fer hom oek afgoi. Mar Oom Kees sê: né, di fye is tog al te lekker. Oom skulpad sê toen, hy moet dan mar di skilletjiis afgoi; mar Oom Kees sê: né, di skilletjiis is eers di lekkerste. Oom skulpad sê dan moet hy mar di binneste afgoi. Mar Oom Kees sê: né, di binneste is oek di lekkerste.

So was Oom Skulpad lelik gekul. Toen maak hy 'n plan en gaan plant 'n rissiboom, en toen dit mooi fol rooi rissiis hang gaan roep hy fer Neef Kees en sê hy moet nou weer kom pluk om di helfte, hy het nou eers lekker fye. A, Neef Kees was oek net gou. Hy stop oek weer ewe gulsig syn bek en wange fol. Mar soe, dit het lelik gebrand; hy hol somar water toe, en het Neef Skulpad tog ni lekker gelag ni!

'n Lente-aand Hymering.

Di son is pas verdwyn
Na 'n angetame Lentedag ;
Gediirte groot en klyn
Soek rus en skuilplek fir di dag.
O, doodstille aand-uur, wat is jy tog skoon !

Hoe heerlik is di lug,
So koel, firkwikkend, suiwer, sag.
Na werk en stryd en sug,
En 'n firmoeiend, sorgfol dag.
O, lieflik aand-uur, wat is jy tog skoon !

Di windji waai di geur
Fan duisend blomme teun my aan ;
Fan blomme fraai fan kleur
Waarop di by fer foedsel gaan
O, heerlike aand-uur, wat is jy tog skoon !

Di raanmelende stroom
Is my 'n musiek fan Natuur,
Wat my lat dink en droom
Fan 'n geluk wat altyd duur.
Beminlike aand-uur, wat is jy tog skoon !

Di paddas sing so mooi ;
Di fo'eltjies sing hul aand-liid mé.
Di uil kruip uit syn kooi ;
Daar fêr hoor jy 'n jakhals skré.
O, lieflik aand-uur, wat is jy tog skoon !

Elk insek, elke diir
Is bly ; di muggies dans 'n wals,
Saam met muskiit en miir
In jou o'e, ore, haar en hals.
O, rustige aand-uur, wat is jy tog skoon !

Ginds, op 'n blinke ros
Galop 'n jonkman snel firby ;
Wild en fan sinne los,
Na d' plasi waar syn nêintji bly.
Plesiirfolle aand uur, wat is jy tog skoon !

Reeds smaak hy di geluk,
Dat hy haar weer omhelse kan,
En an syn hart kan druk ;
Daarom spoor hy syn klepper an.
Gelukkige aand-uur, wat is jy tog skoon !

Syn mysi wag oek reeds
Firlangend dat hy tog moet kom.
Sy sug en loer mar steeds,
En ynd'lik, ja, daar siin sy hom !
O, roerende aand-uur, wat is jy tog skoon !

Hoe klop haar hartji toen,
'n Soete glimlag plooi haar mond,
Netnou kan sy hom soen ;
Sy spring en dans fan freugde rond.
O, freugfolle aand-uur, wat is jy tog skoon !

Di weersiin is so bly
Na lang en pynlik skydings smart.
Hul druk makkaar so fry,
So lieflik, innig an di hart.
Gefoelfolle aand-uur, wat is jy tog skoon !

Wees frolik en furblyd
Firliefde paar ; geniit jul jeug,
Dink an gen sorg of stryd,
Dit is di grootste lewens freug.
O, salige aand-uur, wat is jy tog skoon !

Ginds by 'n buurmans huis,
Hoor jy di honde blaf en brom,
En 'n doffe gedruis
Firtel dat daar besoekers kom.
Gesellige aand-uur, wat is jy tog skoon !

Uit di dorpi, in di dal
Kom d' trillende stem fan 'n klok ;
'n Teken dat daar al
Di sile word na kerk gelok.
O, plegtige aand-uur, wat is jy tog skoon !

In 'n flood fan goue lig
Swem d' wolkiis an di weste kant.
O, wat 'n groots gesig !
'n Hemels pragstuk, fan Gods hand !
Firhewene aand-uur, wat is jy tog skoon !

So mymerend sit ek,
En d' maantji skyn so frindelike neer ;
Mar wolke swart en dik
Foorspel 'n sware donderweer.
Gesegende aand-uur, wat is jy tog skoon !

Reeds roep 'n donderslag
My uit myn stille eensame hoek :
"Dis tyd om fir di nag
"Fir jou oek 'n skuilplek te soek."
O, frindlike aand-uur, wat is jy tog skoon !

M. H. NESER.

Di Bekommerde Huistrou.

(Tydens di Anti-Bandite Beweging).

"Mar, froutji, jy was steeds so wel gehumeurd,
Sê, waarom dan nou tog so droewig getreurd ?"

"Ag, man, kon ek anders, daar ons alle dag,
Metangs en met frese di Neptuun ferwag."

"Di Neptuun, myn froutji, o wees ni meer bang,
Sy kom ni, geloof my, sy syl feuls te lang."

"Mar, manliif, al toef sy wat lang op di sé,
Eens werp sy haar anker tog wis op ons ré."

"Dit is heel onseker, en ek glo dit niit
Voor dat ek di Neptuun hiir ankome siit."

"Sê, man, is di Neptuun dan ni onferwyld fan Bermuda met di Bandite gesyld?"

"Gesylde is sy seker, o ja dit is waar, Mar dat sy ni uitkom, dit find ek so raar."

"Sy nader missskiin nog op hede ons strand, En morge dan kom reeds di skelme an land."

"Hoor, frouthji, ek sê jou, ek skeer ni di gek, Di skip met Bandite, di Neptuun was lek."

"Lek, sê jy, myn manliif; al was sy oek lek, Lekkasi di stop men met kaalgaar en pek."

"ô Ja, mar lekkasi en lekkasi is twê, Sy had by swaar lek oek 'n storm op di sê."

"Men pomp by swaar lek, oek di storm di bedaar, Kyk, manliif, so kom sy tog weer uit gefaar."

"Né, frouthji, ek glo dat di skip is fergaan, En al di Bandite leg in di Oseaan."

"As dit waar is, dan het ons di Here ferlos; Mar ag, dit het hul dan di lêwe gekos."

"Hul lêwe hoort God toe, is ons hul mar kwyd, Dan dank ek di Hemel wat ons het befryd."

"Ek dank Hem dan same en lowe di Heer, Wat oek o'er di sê en di storme regeer."

"Wees dan ni meer treurig, mar frolik, myn frou, Di Neptuun kom nimmer so as ek fertrou."

"Kom sy ni, Lord Grey stuur ons andere weer, In Engeland, manliif, is duisende meer."

"Mar, frouthji, al stuur hy hul almal hiirheen, En almal ferdrink, dan kom hiir tog gen een."

"Moet almal ferdrinke, dan is dit tog bes, Dat Grey sig bedenk en behou mar di res."

"Dit doen hy gewislik, wees dus mar te fré, Grey stuur gen Bandite ons meer o'er di sê."

"Hoor, manliif, ek weet dit dat jy is di hoof, En dus is dit billik dat ek jou geloof."

"Geloof jy, myn frouthji, wel treur dan ni meer; Jou droewig te siin dit ferdriit my so seer."

"Ja, manliif, blyf ons fan Bandite befryd, Dan siin jij my weer soos tefore ferblyd."

"ô Mag dan di Here ons bede ferhoor, Dat nooit 'n Bandijt weer ons rus kom ferstoer."

"Ja, manliif, di Here hoor wis ons gebed; Want altyd het Hy ons fan rampe gered."

SELA.

[Ek neem foorgaande gedig op 1) omdat dit so'n lêwendige foorstelling gê fan di bekommernis fan di tyd o'er een skip met Bandite, en 2) om ons te laat nadenk of ons oek ni 'n bitji meer moet bekommer wees o'er di duisende fan allerhande slegte mense wat nou ons land instroom ni.—O. K.]

Onbeskrywe Bladspe uit ons Geskiedenis.

'N BRIEF 60 JAAR OUD,

FAN PIET RETIEF AN SIR ANDRIES STOCKE N-STROM.

[Di follende belangrike brief wat nog altyd in besit is fan di famili Retiefs is ons goedgunstig afgestaan om in *Ons Klyntji* te druk].

Grahamstad, 1 Februari 1837.

Edele Heer,

Verzocht geworden zijnde door mijn reeds vertrokken landgenooten om tot hen te komen, acht ik het mijn plicht UEdele bekend te maken dat ik gereed sta mijn reis op morgen aan te nemen, ten einde hunne begeerten persoonlijk verder te vernemen, en het land, hetwelk zij tot hunne woning gekozen zullen hebben, te bezichtigen, waarna ik hoop mij in staat te bevinden zoodanige maatregelen te beramen als voor het algemeen nuttig zijn zullen. Ik verlaat dan dit land met leedwezen, maar om nimmer hetzelfde als mijn geboorte plaats te vergeten, en zal ook altoos zooveel in mijn vermogen is trachten tot deszelfs uiterste welvaart toe te brengen, wanneer ik mij immer in zoodanigen staat moge bevinden. God, hoop ik, zal mij behoeden voor vijandschap tegen deze Kolonie, en ik vertrouw dat een gelijk gevoelen jegens ons bewezen zal worden. Vergun mij, Edele Heer, hierbij te voegen mijn ernstige hoop dat,—ofschoon het in UEdeles macht moge zijn een zeker gedeelte onzer gereed staande en reeds vertrokken landgenooten te doen lijden bij hunne verkochte en ook nagelatene onverkochte plaatsen, waarvan eenigen hunner nog geene kaarten hebben,—UEd. aan de grievende verliezen die zij reeds door de Kaffers geleden hebben zal gedenken, en ook dat indien er ooit een dag van schadevergoeding moge komen, hun rechtvaardig aandeel niet zal onthouden worden.

Ik kan deze gelegenheid niet laten voorbij gaan zonder UEd. ter kennis te brengen dat wanneer ik op den 23sten jongstleden mijn opwachting bij UEd. maakte, ik zulks deed omdat ik het mijn plicht gevoelde te zijn, mijn voornemen en gevoelen openhartig aan UEd. mondeling te verklaren, doch daar ik UEd. in een ongevoegden luim ten dien einde vond dacht ik beter te zwijgen. UEdeles driftige en door mij onverwachte verklaring, dat wij ons onder de bescherming van Dingaan en Mosilekatse gingen begeven, is eene dwaling, en ik hoop niet dat zulks meer een wensch dan vrees is. Het is aan het Opperwezen alleen bekend wat ons lot zal zijn en niettegenstaande wij ons als schuldige zondaren voor Hem en voor Hem alleen erkennen, vertrouwen wij

nogtans dat 't Hem, een Barmhartig God, zal behagen ons tegen zoodanige ongelukkige lotgevallen te behoeden, en dat onze vervolgers en lasteraars hunne oogmerken niet zullen bereiken. Het was en is nu nog voor mij onbegrijpelijk wat de reden zoude kunnen zijn dat U UEdeles gevoelens zoo groot over deze zaak heeft kunnen veranderen. Ik vrees dat UEd. tegelijk aan kwade en valsche tongen gehoor heeft gegeven, en de bittere ondervinding dringt mij hier te verklaren hoe beklaaglijk het is voor de ingezetenen eens lands wanneer deszelfs Opperhoofd zoo zwak is om zijne onderdanen onverhoord en dus onschuldig, en hen op het verhoor van valsche aanbrenghers verdacht te houden en te doen lijden.

Ik ben bereid te bewijzen dat zulks mij uit mijne welvaart heeft gezet. Ik vertrouw, Edele Heer, dat het gevoelen hetwelk ik het mijn plicht heb geacht aan UEd te openbaren, u niet in toorn in mij zal verzetten. Wij scheiden nu van elkander en mogelijk voor eeuwig. Ik herinner mij de les mij door UEd zelf gegeven om nimmer te vergeten dat wij Christenen zijn, dus verklaar ik voor het Almagtig Opperwezen dat er geen haat noch kwaad tegen UEd. in mij bestaat, maar dat ik in tegendeel niets dan de opregtste vriendschap gevoel.

Ik besluit in deze met den wensch dat daar UEd. met de wille Gods tot opperhoofd dezer Provincie is beroepen geworden gij U over uw geluk en staat niet zult verheffen noch Gods vrees uit den zin zetten. De waardigheid waarin UEdele gesteld is, is groot, maar de last welke UEd. dragen moet is veel grooter; uwe verrichtingen zijn gewichtig en uwe verantwoording dus niet minder. God, wensch ik, zal U gelijk Salomo met wijsheid zegenen en dat zijn heilig woord uw raadsman zal zijn, opdat het volk, aan UEd. toevertrouwd, rechtvaardig geregeerd moge worden.

Ik wensch UEd. verder een rein en onergelijk gemoed voor God te behouden en zelf voor den mensch die over uwe daden oordeel velt; dat gij u niet door aanzien des persoons zult laten verblinden, noch door kwade raadgevers laten verleiden, maar dat UEdele trouwhartig voor het algemeen en genegen en vriendelijk jegens uwe onderdanen moge zijn, zoodat zij een gerust en stil leven mogen lijden. En zal UEdele mijn achterblijvende mede-Colonisten tegen geweld en onrecht moeten beschermen. Schenke God U een sterken arm, dapperen moed, zegenrijke wapenen, heilzame raadgevers, gehoorzame onderdanen en een gezegende regeering!

Verblijf ik met allen eerbied,

Edele Heer, UEdeles

Onderdanige gehoorzame

Dienaar en welwenschen-
de Vriend,

P. RETIEF.

Zyn Excellentie
Sir Andries Stockenstrom,
Luitenant Gouverneur
van de Kaap de Goede Hoop.

'n Bang Go'enblik

AS 'n mens baing rondrys, en ni altyd styf
foor hom sit te kyk ni en eers wag om 'n
woord te praat totdat hy geïntroduceer is,
so as nou di mense sê, kan hy party keer heel wat
leer; feral in ons land, waar so baing ferskil-
lende mense kom, en meer dan een lange spoor-
weg rys is al kort gemaak deur goeie geselskap.
Ek ten minste het dit baing onderfinde.

Feral hou ek er baing fan om mense, wat in di
oorlog gewees is fan hulle onderfindings te laat
gesels, sodat ek heel wat geleer het, ni alleen
fan di oorloge in ons land ni, maar oek fan di
in andere lande.

Ni so lank gelede ni het ek mégedeel wat 'n
Fransman in di Hotel fertel het; nou sal ek 'n
ferhaal gé wat 'n andere Fransman myn het
fertel.

Jy kan dit glo, meneer! Sê di Fransman,
toen ons 'n hele ruk met makkaar gesels het o'er
di Frans-Duitse oorlog; "Ons het smoor gehad.
Ek was eindlik ni 'n soldaat ni; mar het tot di
burgerwag behoor; mar op di end moes almaal
maar veg.

Eens was ek amper dood, ek sal dit nooit fer-
geet ni.

Dit was in di middel fan di winter en ons was
met ons resiment in Arcueil by Parys, wat deur di
Pruise beleger was. Om Parys was toen baing for-
te en ons was tussen twe fan di grootste in. Di
meeste fan ons was in di dorp; mar ons Kompeni
was in 'n huis by di waterleiding.

Di waterleiding was met boge gebou onder di
grond, hiir en daar het ons 'n opening gemaak
fer lug en lig en ons het altyd 'n goeie voorraad
fan grote klippe by di hand, om as di Pruise ons
te sterk word di ingang fan di waterleiding toe te
gooi. Op di manier het ons di nagte deurge-
breng.

Di ergste was di honger. Ons rantsoen was
mar klyn. 'n Stuk fan 'n ou perd met 'n bitji
rys of 'n klyn stukki brood, dit was al. Party
keer het ons koffi of wyn, mar ni altyd ni.

Jy kan denk dat ons mar altyd uitkyk of ons
ni iits te eet kan kry ni en myn maat wat di plek
waar ons was goed ken het my baing keer saam-

geneem om paddastoele te soek, wat daar baing groei in di ferlatene klipkuile.

Op 'n agtermiddag sê myn maat tot my: kom jong! ek het sowat 'n kwart pond boter in hande gekry laat ons in di klipkuile en onderaardse gange paddastoele soek, ons kan dan fannag lekker eet.

Ek was gou klaar. Di opening van di klipkuile was omtrent 109 yards fan di waterleiding in 'n kloof, dig by di foor poste fan di Prinse en om by di klipkuile te kom moes jy di gefaar deurstaan om 'n paar kogels fan di Pruiſe te hoor fluit, mar myn maat wis 'n plek waar di Pruiſe ons ni kon siin ni.

Di klipkuile was al eeuwe lang gebruik en net as 'n onderaardse doolhof fol gange en paaie, as jy ni oppas ni kan jy somar ferdwaal en ferongeluk, myn maat egter, het as seuntji daar baing in gespeul en ken di plek ekstra goed.

Dit was di agtermiddag freeselik koud, daar was geen wind; mar dit was of di koue net as 'n mes jou gesig stukkend sny. Ons steek ons pype op en kruip na di plek waar ons kan ingaan.

Ons find di plek sonder feul moeite. Myn maat het 'n kers saamgebreng en ons siin toen ons is in 'n gang, wat baing lank lyk, ons gaan toen an. Op party plekke was di gang fiir yards wyd, op party plekke baing nou; so oek met di hoogte, party keer moes ons kruip, party keer kon ons regop loop.

Baing andere gange loop in di gang waarin ons was uit en nou en dan was daar 'n grote ruimte. Dit was so lekker warm dat ons net lus het om daar te gaan slaap. Lug was daar genoeg, daar was hiir en daar grote openings nes putte. Vroe'er het di mense daarin op en afgeklim en nog staan er pale om lans op te klim. Di pale was egter byna almaal frot. An di pale was dwars houte gespyker om as trappe te diin; mar di was oek byna almaal half afgefrot. Di pale was ei'ndlik maste; dertig tot sestig voet lank. Waar di putte baing diip was het hulle maste an makkaar gespyker en met houte an di mure fasmagemaak.

Myn maat gaat mar altyd fort mar ek begin erg bang te worde. Hy was gewoon om daar rond te dwaal; maar ek ni. Hy praat my toen moed in en ek folg hom ferder.

Ons kruip toen deur 'n gang, wat baingnou was. Eers let ek ni so op ni, mar toen ons deur is en ek omkyk siin ek dat party klippe amper los hang, en dat di klynste stootji di gang kan laat infal. Ons is toen weer in 'n grotere ruimte met twee gange. Di eene is baing nou en laag, di andere lyk ruimer.

Ek wil toen di grootste ingaan; mar myn maat hou my terug. Di gang is ni goed ni; sê hy, di andere is beter.

Op eens hoor ons 'n skrikkelike slag, en toen ons om kyk, siin ons dat di gang agter ons is ingefal.

Ons flig ter ug, mar daar was ni kans ni.

Ons siin toen na di andere weg foor ons en oek daar was klippe neergefal deur di skok, net waar ons moes inkruip was 'n freeselike sware klip so los geraak, dat dit ider o'enblik kan fal.

Ons staan toen stil en weet ni wat te doen ni. Ek praat fan di andere gang mar myn maat seg, dat hy ni weet ni of di gang na 'n put gaat, en dit is nou di enigste kans om gered te worde. Di dood is nou wel foor ons, dog ons moet mar wag.

Myn maat buig hom toen om in di gang in te siin, mar 'n soort fan 'n gedreun doet hom opspring. Hy leg syn finger op syn lippe om fer myn te wys om stil te bly en blaas toen di kers dood. Hy kom toen na myn en fluister Pruiſe.

Ons gaan toen lê en haal ons rewolvers uit en wag wat daar sal gebeur. Agter ons hoor ons hoe nog altyd klippe affal en foor ons hoor ons di voetstappe en gepraat fan di fyand.

As di Pruiſe ons ni siin ni, dit is: as hulle ni so fer kom, dan moet ons mar di ander gang fat, daar is ni ander kans ni, fluister hy.

Al di hoop wat ek had was dat di Pruiſe sou bang worde deur di geraas fan di klippe, mar ferniit. Ons kon duidelik hoor dat hulle nader kom.

Ons siin toen ook 'n lig en op eens steek 'n man 'n fakkeld deur di opening fan di gang en siin ons 'n kop uitsteek.

Net soos di fakkeld deurgesteek is fal di lig op ons. Di man siin ons en wil terug trek; mar in syn haas stoot hy teen 'n klip. Di fakkeld fal uit syn hand op die grond. Ons hoor toen 'n slag en freselik gekerm, want di sware klip was neergestort en het di man ferpletter.

Syn maats kom toen en skiet deur di openings, maar di klip wegrol kon hulle ni. Hulle gaan toen weg, seker om koefoete te haal.

Toen steek ons ons kers weer an en gaan di andere gang in.

Di gang was froe'er hoog en wyd gewees; maar op baing plekke was dit ingestort; sodat dit doods gefaarlik was. Daar was egter gen keus o'er. Di dood was an alle kante.

Di lug in di gang was dik en sleg. Wel was daar skeure waardeur lug inkom, mar ni feul ni. Di water druipe fan di mure en ons haas ons om fortte kom. Myn maat kyk op syn horlosi en ons siin dat ons al dri uur onder di grond is.

Fan 'n punt of opening gewaar ons nog niks ni; maar tot onse skrik siin ons, dat di kers amper uitgebrand is, daar was niks an te doen ni. 'N paar minute gaan ons foort en toen is di kers klaar.

So lank 'n mens kan siin gaat dit an, mar donkerheid druk fer 'n mens neer. Ek sal ni ontken ni, dat ek toen di kers doodgaat moedeloos op di grond fal en begin te huil. Ek het my toen o'ergegê om mar te sterwe en sou seker oek ni weer opgestaan hê ni as dit ni fer myn maat was ni.

Kom, kerel! moet ni huil ni; roep hy. "So lank daar lewe is is daar hoop: Ons kan, altyd dood gaan, fooruit mar jong."

In di stikdonker gaat ons fort, met bewende hart, want ieder stap kon ons laaste wees: Ons het nog 'n paar fuurhoutjiis; wat ons opsteek nou en dan om te kyk. Oek het ons 'n paar koerante, wat ons ferbrand.

Op di end is alles gedaan. Di fuurhoutjiis is op en di laaste stukki papiir oek; maar ons gaat an op di gefoel. Di klippe maak ons baing seer, maar ons gaat an. As ons fer 'n o'enblik rus, dan is dit fer myn of di dooie Pruis agter my is. Ek foel dat ek kranksinnig word.

Plotseling foel ons dat 'n koue lug ons te'en waai, en di hoop word weer by ons wakker. Di lug word altyd kou'er en op di end siin ons 'n bitji lig.

Nou wis ons dat di gang op 'n ou'e put of ingang uitloop en as mal mense fliig ons foort, sonder an gefaar te denk.

Ons kom dan oek uit op di bodem fan 'n grote put. Toen ons opkyk siin ons di sterrehemel. Dit was 'n heerlik gesig.

Nou begin ons by di halwe maneschyn di put te eksamineer en planne te maak om uit te kom, oek in di put, wat ten minste 100 foot diep was, was pale geset; mar di houtwerk was erg frot. Gelukkig was di maste ni fer fan di kante fan di put ni en di kante was erg gebrokkel; sodat oral hollighede was om di foet in te set.

Ons begin toen te klim, mar dit was met grote moeilikheid. Di sporte wat an di maste was, was so sleg dat hulle ieder keer afbreek en dan gly ons weer agteruit. Di koue fan buite begin oek gefoel te worde en ons hande word styf. Ons sukkel egter op. Half pad het hulle froe'er 'n rus plek gehad en fan daar ging 'n ander mas tot bowe an di put.

Dig naas makaar, sonder te praat staan ons op di rusplek 'n bitji te wag. Toen siin ons op eens 'n skadewe of liwer 'n donker ding bowe an di put. Ons stoot fer makaar an want ons kon duidelik siin dat dit 'n soldaat was. Di maan skyn op syn helm.

Dit was 'n skildwag en ons merk toen dat ons by di Duitse foorposten is.

Di man was seker deur di gedruis fan di fallende klippe opmerkzaam geworde, en kyk nou in di put om te siin wat daar was. Ons hou di asem op en bly onbewegelik staan. Hy kon ons ni siin ni, maar ons hom wel, want hy was in

di lig van di maneskyn. Syn vinger was an di sneller fan syn geweer. Hy lyk ongerus en skop toer 'n klip in di put af. Di klip gaat ons rake-lings ferby. Ons praat ni.

Wat nou te doen? Di enigste ding was stille-tjiis op te klim en di skildwag te o'erfal, sonder ons rewolwers te gebruik, daar di andere wagte dit sou hoor.

Toen di skildwag weer weg was begin ons weer te klim, mar ons let altyd op om by di minste gertig te'en di muur te leun om in di donker te bly. Ons kom onghinder tot omtrent fiir yards fan di opening; toen ons weer di skildwag hoor ankom. Met di een foet op di sport van di mas en met di ander in 'n holte fan di muur wag ons om te siin wat er sou gebeur.

Ons het ons rewolwers klaar. Di skildwag kom nou net o'erkant ons en kyk weer in di put. Ons druk ons fas te'en di muur om in di skadewe te bly; mar di man lyk ni tefrede ni. Hy loer en perbeer om in di donker te siin.

Op eens siin ek dat syn gesig ferander, en dat hy syn geweer opneem en an di skou'er breng. In diselfde o'enblik fal 'n skot en siin ek 'n donker ligaam in di put fal.

Klim jong! gou! gou! roep myn maat klim fer jou lewe!

Myn maat het di skildwag net toen hy wou skiit met syn pistool in di hart getref, en dit was syn ligaam gewees wat ek het siin fal.

Sodra di skot fal klim ons uit di put. Gelukkig was daar juis wolke foor di maan, sodat di andere wagte ons ni kon siin ni. Di fort kon door ons gesiin worde en ons hol na di kant toe. Ons het nog ni twintig trêe geloop ni toen di klank fan "Werda!" staat! ons in di ore klink. 'n Pruisise patrolji was op di gerug fan di skot toegeloopt. Ons is toen net by 'n sloot en ons fal plat op ons buik. Dit was net tyd, want di kogels fluit al om ons heen.

Toen di Franse foorposten di geskiit hoor begin hulle ook te fuur; daar hulle denk dat di Pruis 'n anfal wil waag, en di Pruis wat nou meen dat di Franse 'n uitfal doen beantwoord di fuur geweldig.

Ons was toen tusse twee fure in mar ons blijf in di sloot tot dat dit 'n bitje stil word. Toen kruip ons saggiis an, en kom bij di kloof. Nou en dan kom 'n kogel dig by ons ore langs fliig, mar ons steur ons daar ni an ni, ons het te feul gefaar al gehad.

Amper het op di end 'n Franse skildwag ons nog doodgeskiit; di man wou mar ni glo dat ons Franse was ni. Ons het daar te betakel uitgesiin.



SIR GORDON SPRIGG,
FIRST MINISTER.



SIR THOMAS UPINGTON,
Proc. General, (in syn uniform as kommandant).



MNR. PIETER H. FAURE,
MINISTER VAN LANDBOU.

Di Engelse Afrikaners.

Ons Klyntji, jy 's 'n liwe kind,
 Jy word deur Engels ni ferblind.
 Jy kom na al di kante rond
 Met pure waarhyd uit jou mond.
 Net reguit kom jy daarmé foor,
 En almal moet dit fan jou hoor.
 Tot d' name fan di jong geslag,
 Laat jy ons nou o'er lekker lag.
 Di arme goed, hul gé ni om,
 Hoedat di spot oek o'er hul kom.
 Hul denk : al 's ek 'n boere kind,
 Di naam kan ek tog Engels bind ;
 Al is ek Jan of Koos gedoop,
 Daarfoor sal ek daarom ni loop.
 Mar Neef, en Nig, het julle gehoor ;
 Hoe *Klyntji* julle hart doorboor ?
 Jul denk dat jul in eer uitblink
 Omdat jul name Engels klink.
 Marag ! jul is tog glad ferkeerd,
 Denk tog ni jul 's daarmé ge'eerd.
Ons Klyntji vraag : "Wil jul baster wees?"
 (In nommer 12 kan jul dit lees).
 Di rooies lag jul uit as gek
 (Omdat jul so hul foete lek).
 Bespot word julle en ferag ;
 Wat anders kan jul oek ferwag ?
 Dis Engels praat en Engels fry ;
 Net waar jy kom kan jy dit kry.
 Waar is dit so gesteld fandag ?
 Net by ons Afrikaans geslag.
 Want watter nasi doen dit meer,
 Wat hom met 'n freemde taal besmeer ?
 Nou, *Klyntji*, druk mar finnik op,
 Ja slaan hul hard, al o'er di kop.
 Al kry hul lywe dan ni seer,
 Misskiin word tog hul hart ferteer ;
 Want ider sal dit lees en hoor
 Wat jy so in hul ore boor.
 Faarwel, *Ons Klyntji*, wees gegroet.
 Al wat jy doen is seker goed.

C. L.

Waterfal, 12 Maart, 1897

Fani en Neli.

(Folgf.)

 NS het hiir op 2de Maart 'n baing jolli
 bruilof gehad. Dit was di bruilof van
 Mr. J. Joubert en Miss J. Fradschie.
 Fani het di morre 'n bitji syn tyd ferdraai, want
 hy het nog eers 'n bitji tyken geskiit met syn
 nuwe geweer, wat hy nou kort gekoop het, en
 so kom hy eers om 11 uur op di plaas waar di
 bruilof was.

Dit was al net alles in rep en roer. Fani kyk
 net stip of hy Neli ni oek onder di mense siin
 ni ; want deur omstandighede het hul fan di 9
 Des. af makkaar ni weer ontmoet ni ; en Fani
 was amper so seker daar fan as wat padda kaal is
 dat Neli moet daar wees. Mar Fani het al amper
 uit syn knoppiis geraak en 'n suur gesig opgesit,
 want dit lyk fer hom of Neli waarlik ni daar is
 ni.

Hy word toen meteens binne geroep met enige
 fan syn frinde om eers koffi te drink, waar hy
 mar min lus foor had. Mar om ni syn spyt te
 laat bemerk ni, stap hy na binne : mar soe ! wat-
 ter 'n freugde kon jy op syn gesig lees toen net
 met di inkom syn oog op Neli fal en hy siin dat
 sy binne was om di bruidskrans te maak, sy met
 Mr. C. Horn en Miss G. Conradi.

"A, goeien dag, Neli ! Is jy oek hiir ?"

"A ja ; dag Fani, hoe het jy dan gedink ?"

F. "Wel ek het gedink jy is seker ni hiir ni,
 om ek jou ni siin ni, mar—"

N. "Ja, mar hul het my sommar hiir gepres
 en dit kon ni ho'er of la'er ni, of ek moes help."

"Nou ja, toe mar," sê Mr. Horn. "Jou koffi
 word koud, en ons kry oek ni ons werk klaar
 ni ; want jul babbel nou glad te feul."

F. "Kyk, met al di lawaai het ek glad fergeet :
 hoe gaan dit nog, Neli ?"

N. "Né, nog goed, danki, Fani. Hoe gaan dit
 nog met jou ?"

F. "Né, oek so middelin, danki ; wi is almal
 hiir ?"

N. "Net ek en Pa en Leni."

F. "Nou ja, maak dan mar eers jou werk klaar
 dan kan ons ferder praat....."

"F. "Het jy tog oek nou weer kans gekry
 om in di buitelug te kom ?"

N. "Ja, ek het tog nou klaar met di gespuis."

F. "En hoe gaan dit nog ferder met jou ma en
 di ander ?"

N. "Né, nog heeltemaal goed, en hoe gaan dit
 in di foor-wêreld waar jy was ?"

F. "Né, oek nog jolli."

N. "Jy het seker nou fer jou daar 'n mooi nôi
 gesiën, né ?"

F. "Ag né wat, Neli, dis daar oek mar finkel
 en koljander, di een is so lelik als di ander."

N. "Né, moeni glo ni ! Jy sal mos ni sê ni.
 Jy lyk sommar so hoogmoedig ; want jy is al so
 lank tuis en hoekom het jy nog ni weer kom
 kuier ni ? Daarom kan ek siin jy reken ons ni
 meer ni."

F. Ag né, Neli, kyk moeni so sê ni. Ek wou
 allank weer gekom hê, mar ek had nog altyd so
 feul besighyd, dat ek ni kan kom ni."

N. "Né moeni glo ni ! watter 'n danige besig-
 hyd het jy konsuis gehad ?"

F. "A, kyk hoe kan jy so sê. Jy weet self ek
 was 2 maande weg...."

N. "Ja, mar jy is al weer 'n maand tuis."

F. "Ja, mar wag, lat ek jou sê; ek was 2 maande weg en ek het daar heel party spekulasiis gemaak met koring, en het ook baie kommissiis fan ander opgeneem, en net toen ek tuis gekom het was ek sommar weer deur Transvaal toe en so hot en haar om alles reg te kry. Mar ek het nou amper alles agter makkaar. Ek sal een fan di da'e kom kuier."

N. "Daar glo ek niks fan ni, dis sommar sê sê, net so lank as ek jou foor stok het."

F. "Dit is net so seker as padde kikfors is."

N. "Nou ja, dan moet jy sê wanneer, posetiif."

F. "Dis bitji moeilik om so sekuur te sê."

N. "Ja, om jy weet jy sal kul, want jy is mar 'n ou kulbroer."

F. Glimlag. "Ag né, Neli, moet my dan nou ni so seer sê ni."

N. "Ja, mar ek moet siin of daar ni salf an jou te smeer is ni."

F. "Hoe sou harde bokfet wees? Ag né, kyk al di nonsens op 'n end, kom jy ook weer na Isak sen Bruilof?"

N. "Dis ni seker ni, mar ek hoop so."

F. "Nou ja, kyk, kom dan mar weer as daar kans is; mar in gefal jy ni kan kom ni, hoop ek om o'er 15 of 20 dage bitji te kom kuier. Ons kan nou ni verder praat ni, want daar kom di Bruidskarre al, en dis ook 'n alte gewoel."

N. "Nou ja, dis dan goed, ek sal perbeer om ook weer te kom; mar in gefal ek ni kom ni, dan moet jy mar gou kom kuier."

F. "Ja, dit sal ek seker doen; want ek kan nou ni myn rol uit speul ni."

So gesê en so besluit.

Di lesers moet goed begryp, di Bruilof waar op Fani en Neli makkaar ontmoet het was di Bruilof van Mr. J. Joubert, op di 2de Maart, en daar waar hul hoop om makkaar weer te ontmoet is op di 9de Maart, op di Bruilof fan Mr. I. Joubert met Miss J. Schoeman. Dis 2 Broers, een fan 22 jaar en een 19 jaar, wat net 8 dage na makkaar gaan trou. So sal ons verder laat volg di weder ontmoeting fan Fani en Neli.

(Word Ferfolg).


'n Klyne Fermaning an "Ons Klyntji."

Ek wens ook feuls geluk an jou,
Myn klyne frind, en self dan nou
Dat jy jou taak reeds meer ferstaat,
En as 'n man begin te praat.
Dis reg fan jou om ni te skroom,
Fer neef of nig, of selfs fer oom;
As jy mar net beleef kan bly,
Dan sal jy wel jou merke kry.

Jy moet trou help ons taal te form,
Standfastig bly in reen en storm,
Mar 'k nooit fergeet om toetegé
Op jou opini, en ook mé,
Respek te hê fer di fan oom,
Want jy 's nog lang en oue boom.
En dis juis wat ek hiir wil sê,
Ek hou fan jou, mar wil ni hê
Dat jy so skerp fan mond moet wees,
En ons dan grappiis te laat lees,
Wat tog ni ider een anstaen,
Al sou dit fer party nog gaan.
Ek pak ni al di skuld op jou
Ek weet dat jy moet frede hou,
Ek weet dat jy ni alles wil,
Mar dikwils ook mar éwe stil,
Moet opneem wat 'n ander skryf,
Al is dit ni fan jou gedryf.
Daar is vereers di stori dan
Fan d' Eselmerri fan Oom Jan,
Di mans mag dit nou wel nog lees,
Mar dan moet daar gen kind by wees;
Fer frouens is hy glad ni mooi,
En nog feul minder fer 'n nô.
Di kinders dra di grappiis an,
En praat met idereen daarfan
Di storiis mag wel grappig wees,
Mar ook gepas fer di dit lees,
Di storiis kom by oupa an,
En di hou daar tog glad ni fan.
Jy mag wel slim wees, 'k glo dit ja,
En ek mag dan tefeul ook wa.
Jy mag di wêreld meer deurgaen
As ek, dit kan ek goed festaan,
En dus meer weet as du Plisi,
Mar ek kan dit dan ni help ni,
Mar 'k sê dit ook mar as 'n kind,
Jy blyf mar nog myn beste frind.
Ons het jou liif en siin jou graag,
En wens jou reg 'n goeie daag.
Mog jy, uit Afrikaanse bloed,
Ons frind bly ook in tegenspoed,
Goeiedag, myn frind, dan yndlik nou,
Ek blyf jou verder steeds getrou,
En sal fer jou feul frinde kry,
En altyd fer jou foordeel stry.

H. S. W.

[Ag, oompiis, wees tog ni so gou-gou geraak!
Want daardeur sal jul my straks moedeloos maak,
Jul weet ek moet kos gé na elkeen syn smaak;
Wat d' een prys word weer deur di ander gelaak,
Dit laat myn jong hartji 'n suggi al slaak;
Ag, wi trek di lyne, en wi steek di baak?
Denk, ek is 'n kind nog en fêr fan folmaak.
Mar een ding beloof ek: ek sal daarom waak,
En al wat anstootelik is heeltemaal staak.
Kom, help my, dit is mos ons almal syn saak,
Dan skryf en gesels ek met lus dat dit so
kraak.—O. K.]



DR. TE WATER,

KOLONIALE SEKRETARIS.

Wat 'n Hollander an Afrikaners fertel.

FERSKIL TUSSEN HOLLAND EN AFRIKA.

Ek is eientlik 'n bitji bang om ook in *Ons Klyntji* met julle te gesels, want hulle noem fer my 'n "mof," omdat ek nog mar ontrent twé jaar in di land is. As julle nou ni wil hê dat 'n mof by julle regte Afrikaners in di kraal kom ni, dan moet julle mar sê, dan sal ek pad gé; mar julle moet tog ni te onfersigtig werk ni, want julle het sulke freselik grote horings, julle sal dalk fer my doodsteek.

Ek wil fer julle wat fertel fan Holland, waar di meeste fan julle voorou'ers tog ook fandaan kom.

Ek kry tog jammer fer julle as ek siin hoe moet julle na reen wag; in Holland is dit anders, daar reen dit alle wêke, en hulle weet daar ni wat is droogte ni. Daar is eerder te feul water en hulle maak daar plan om di water weg te keer met slote. Hiir spook ons om damme te maak, net al wat ons kan, mar daar maak hulle juis natuurlike damme, wat hul "mére" noem, droog. So het hulle al foor 'n héle rukki 'n grote meer droog gemaak, en ek wil fer julle fertel hoe hulle gemaak het.

Eers het hul 'n grote wal rondom gemaak, en daarom heen 'n dipe sloot ('n kanaal) grawe, en daarom weer 'n wal. Op di binneste wal staan 5 grote stoommeulens, ni om koring te maal ni, mar om di water uit te pomp. Di water loop dan in di kanaal, en fandaar in 'n ander, en dan na di sé toe.

Toen al di water uitgepomp was, moes di grond eers goed droog worde, want hul moes nog slotjiis in di grond maak om al di water wat met di reen fal weer weg te laat loop, na di wal toe, om daar uitgepomp te worde.

Toen dan alles mooi klaar was, het hul allerhande goed daar gesaai, soos koring, gars, hawer: oek is daar wylande gemaak met net pragtige gras, waarop di beeste (want skape het hulle mar min) net lekker loop en freet. Oek is daar huise gebou, in di diipte fer di mense wat di grond bewerk. As 'n man nou op di wal staan, dan kyk jy o'er di huise heen, op al di mooie lande, fan ferskillende kleure. Feral as di son so helder skyn lyk dit al te pragtig; groen en geel en rooi en bruin alles deurmakaar.

Di man, wat ygentlyk di werk gedoen het, heet Leegwater, 'n snaakse naam, nè, fer 'n man wat 'n meer "leeg fan water maak"! Hulle wou nou oek di Suidersé droog gemaak hê, mar dit sal so baing kos, en hul is ni seker of di grond wel goed is ni, om di ding te laat betaal. Dit sou anders 'n goeie ding wees, want in Holland is al so baing mense, dat hulle amper ni meer plek het ni.

Nou, liwe frinde, as julle dit wil hoor, sal ek ander keer weer wat anders fan Holland fertel, ten minste as *Ons Klyntji* fer my 'n plekki wil gé. Wees tot solang gegroet fan

'N MOF.

[Al te seker sal ek dit opneem. Ek siin al te graag, dat Hollanders, Engelse, Duitsers en almal wat hiir kom *Afrikaners* word en Afrikaans praat en skrywe.— O. K.]

'n Grote Beeshoorn.

IN di Vrystaat woon éne Meneer P. Uys, 'n grappige ou man, wat baing storiis kan fertel. Een dag kom daar by hom, 'n klyn kerel met di naam, van Hendrik Swart; ons noem hom "Mal Hendrik." Oom Piit had 'n olifantstand, di staan in di foorkamer. Toen Hendrik inkom en di tand siin, sê hy: "Op di aarde, oom Piit wat 'n groot beeshoorn." Oom Piit sê: "Ja, dit is 'n hoorn fan myn fader syn fooros, Wiigman, mar, kerel, jy moes Kniwel syne gesiin het: di was baing groter. En fer hulle moes ek ly, toen ek nog klyn was." Mar Hendrik sê: "Fer hulle sou ek so nooit as nooit gely het ni. Want as "Kniwel" syne nog moet groter wees as di fan "Wiigman," dan praat ek ni meer ni." Hendrik het dit fertel, so fer as hy kom. Mar wat het di mense gelag, omdat Hendrik 'n Olifantstand fer 'n beeshoorn angesiin het!

O'er ons Taal en Taalkunde.

MYN nefi C. J. Dreyer dink ek skrywe ferkeerd; hy sê, dit moet ni wees *ek* mar *ik*, en ni *oek* ni mar *ok*, en oek ni *hê* ni mar *het*. Feral op di laaste druk hy, want hy beweer dat *hê* en *het* 2 glad aparte woorde is, bevoorbeeld: "Ek kon dit ni gedoen *het* ni," en: "ek wil dit ni *hê* ni." Wel, ek wil myn nefi en andere taal-leeraars, wat nou opspring soos slangkos uit di grond of uit di miirhope uit, ni beledig ni; mar ek het skoolmeesters wat al twintig jare lank di ding bestudeer, en dis tog 'n bitji anmatigend fer andere wat nou mar eers fan di kwessi notisi neem om somar te wil beter weet. Met di spelling fan di 2 eerste woorde is 'n kwessi hoe di meerderhyd fan Afrikaners dit uitspreek, en of di skrywer al so rond was soos ek en sofeul dui-sende Afrikaners hoor praat het in di Koloni,

Transfaal, Frystaat, en Natal, weet ek ni. Mar met *hê* en *het* het hy dit glad mis; dis twe aparte forme fan eenselfde woord. Di frinde moet tog bedenke dat di fasstel fan 'n spelling 'n ding is wat baing studi ferys. Mar ons Woordeboek word nou gemaak en nagekyk deur di beste manne wat ons kan kry; dit sal wel 'n end maak an di onsekerhyd. Wat di frinde buite af fer ons mé kan help is di instuur fan suiwer Afrikaanse woorde en uitdrukkings; di kan ons nog altoos gebruik.

Myn jonge frind Buys, wat di flukse woorde-lyz gestuur het, stuur my nou syn gedagte omtrent di spelling. Mar dit kom amper folkome o'ereen met di spelling wat ek gebruik, en soos dit in di *Fergelykende Taalkunde* behandel word, daarom ag ek dit ni nodig om dit op te neem ni.

Myn neef W. J. W. Naudé, fan Bethlehem stuur oek 'n lange Samespraak fan "Oom Gideon en Neef Hans," waarin hy wil laat uitkom dat ek net mar di taal gebruik soos dit hiir in di Boland gepraat word en ni soos di Frystaters gesels ni. Mar dit het hy f'r mis. Ek gebruik di taal soos al di Afrikaners dit praat fan di Tafelberg tot an di Sambesi. Di enkele woorde wat hy noem is mar 'n klyne ferskil in *spelling*, soos *wirms* en *wurms*, *baing* en *banja*, ens. Né, ons taal is wonderlik eenformig deur di hele land. Mar dis ni almal se werk om 'n spreektaal as skryftaal in letters uit te druk fer di eerste maal ni. Dus moet tog ni al te baing meesters wees ni. Te baing koks bederwe di éte. Di beste is, druk mar op, en skrywe mar goeie stukke in ons taal. Di Taalkunde is al uit en di Woordeboek sal oek welkom.

Geselsery met myn Skrywers en Lesers.

NEEF M. H. Nesar, fan Flipston, pak my an om ek sê dat ek net oorspronkelike stukke plaas en tog stukke opneem wat fan andere o'ergeneem is. So noem hy di gedig "n Nuwerwetse Spook," wat amper letterlik afgeskrywe is uit Meneer Melt Brink syn "Grappige Storiis" (Di skrywer self maak ons oek daarop opmerkzaam). Nou ja, dis 'n abuis wat ni an my te wyte is ni, mar an di insender. Ek bly by myn regel en as ek agter kom dat iits ni oorspronkelik is ni, dan wys ek dit beslis af. Mar ek is nog mar 'n jaar oud en dit kan tog onmoelik ni fan my ferwag worde dat ek alles wat al in di wye wereld ge-

skrywe en gedink is in myn klyne koppi sal hê ni. Ek herinner medewerkers nógéens daaran om my gen dinge te stuur wat hulle fan andere afskrywe ni. Mar op 'n ander punt misgis myn neef Nesar fer hom 'n bitji. Hy ferwyd my dat di *Dire Storiis* oek ni algar oorspronkelik is ni, mar gewysig al in andere lande en tale beskrywe is, befoorbeeld deur Grimm in Duitsland, ens. Dit weet ek wel. Mar ek weet oek dat dit iits is wat di andag fan alle mense getrek het wat fan di soort ferhale 'n studi maak, dat by ferskillende folke diselfde fertelsels met Klyne wysigings foorkom. Myn doel is juis om te bewaar hoe ons oue Hotnots di storiis fertel het.

Klyna Lawis April stuur fer my 'n lessi op rym, om tog op te pas fer di drank; mar dis oek ni oorspronkelik ni. Dis al jare gelede deur Oom A. J. Herholdt geskrywe en gedruk in di *Patriot*. Daarom neem ek dit ni op ni. Dan fertel di Nefi, dat hy uit Mashonaland kom en dat hy so bly was om fer my hiir in di Koloni te ontmoet, om ek fertel fan di oue Geskidenis, want hy het self oek party fan di oue rewines of boufalle daar onder gesien, en fan di spykers met goue koppe, en goue krale, en stukke fan koppiis en piringe, en komfytpotte, ens. Syn plan is om in My-maand weer na Mashonaland te gaan, wat hy *syn land* noemt, en hy wil hê ek moet dan al maande by hom kom kuier en wil weet wat dit sal kos. Wel, ek sal gaan tot an di Sambesi, so fer as di pos loop, fer 4s. in di jaar.

So stuur 'n ongenoemde frind fan Grasrand, Vryburg, my oek 'n "Verhaal fan vroegere tyd." Mar toen ek dit inkyk was dit di ou Grikwa syn ferhaal hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het, wat oek al meermale gedruk is. So moet ek net wakker wees; want myn frinde wil my mar om-spring om fer my oue stukke weer te laat opneem wat al vroeger gedruk is.

So stuur "Ou Jakhals" my oek 'n gedig "Kom kyk hiir" fan "Swarte Wyk" wat hy afgeskrywe het fan Mr. Melt Brink. Di gaan oek na di snippermantji toe.—'n Joinge frind fan Varkfontyn stuur my di gedig "Het Graf der twee Geliefden," wat hy afgeskrywe het; dit ondergaan diselfde lot.

Daar het nog 'n paar proewe fan ferbetering gekon op di gedig fan Meneer Human op d Mysiis, mar dit maak gen ferandering in di toekenning fan di prys ni; di fan Meneer Nesar was di beste.

Myn Neef R. P. Vermeulen stuur fer my 'n gedig "Gedagtes by di begin fan di jaar," mar dis

oek ni oorspronkelyk ni; dis afgeskrywe uit 'n oue Afrikaanse Almanak. Di frinde moet tog ni so maak ni. Dis fer my alte moeilik, want dan moet ek gaan nakyk waar en wanneer sulke stukke al fröeger gedruk is. As ek wil o'erneem wat al fröeger gedruk is, dan kan ek self genoeg kry. Mar wat ek fra is goeie *oorspronkelyke* stukke.

Soos di lesers weet kos dit 4s in di jaar om ver my al maande te laat kom kuier. Dit is seker baing min. Mar ek gé ni om ni. Ek wil graag hy baing mense deur di hele land gaan kuier; al was ook by 5000. Ek maak soosdi Gouwerment; met Nuwe jaar, of ander ty'e laat hy di trein goedkoop loop, om baing mense te laat ry; mar di lesers sal goed weet dat di Gouwerment nimand laat ry ni, goedkoop of duur, of hy moet eers *vooruit* betaal. En ek maak mos ook so; di wat wil hê dat ek moet kom, moet vooruit myn reisgeld stuur dat ek ver my kan klaar maak en myn kaartji kan uitneem.

Ek ontvang tog al te graag name van nuwe mense by wi ek moet kom kuier; mar di vrinde wat name en geld stuur sal my 'n groot pelsiir doen om tog altyd duidelik by te sê of dit 'n *nuwe* of ou intekenaar is. Dit help my baing om dit gon en maklik op te skrywe. Vergeet dit tog nou assebliif ni.

Di follende briif fan Oom Piit denk ek kan ek gerus opneem:

An "Ons Klyntji," in di *Pêrl*.

Waarde Nefi,—Ek is glo mos een fan di agterosse; mar di ou spreekwoord sê mos; "di agteros kom ok in di kraal." Nou, Nefi, ek het nog nooit an jou geskrywe. Hiirmé wil ek jou nou geluk wens, dat jy nou al o'er 'n jaar oud is en dat jy nog ni sla gekry het fan al jōu ou Neefs en jong Nefiis en dat jy nou al so gelukkig is dat jy al 'n pakki klére an het. Ek wens jou alle seen en foorspoed toe en dat jy net nou 'n groot en sterk man is, soos jou ou fader, *Di Patriot*, om tot nut fer land en folk te wees.

Myn Nefi, al is jy nou al so slim, dan wil ek jou daarom raad gé. Ek het gesiinjy was huiwerig om dit te doen, mar leu'ens moet jy tog ni opneem ni, om te siin wi di beste kan liig; want di "Fader fan di leuens," sal tog al te bly wees, as hy siin, dat myn Nefi dit doen, en wat sal dan fan ons jonge geslag worde! want met skaamte moet ek sê, dat ons as Afrikaanse folk ni meer so by di waarhyd bly soos ons ou foorgeslagtes o'er algemeen.

Myn Nefi, nog 'n klyn endji, dan hou ek op. Ek ferwonder my, dat daar fan jou ou Neefs opjekteer dat jy romantise en ferdigte stukke an ons fertel. Jy het hulle reeds al reg gewys, dat

in ons Bybel oek ferdigte stukke is en hoe feul Romans word ni gelees, wat di Engels-man seg "Novels," en daaro'er word ni gepraat ni: jou Nefiis moet dit reg ferstaan, dat jy ons sulke dingge fertel, is, om di leeslus in ons Afrikaanse taal op te wek onder ons jonge geslag, wat alte dikwils so begérig di Romans en Nowels lees, wat ni behoort in ons huise te wees ni. Nou Nefi, myn briif is reeds al te lank, mar ek denk omdat ek jou nog nooit lastig gefal het ni, sal jy myn briif opneem. Nou, groetenis fan my an jou en jou Pa, di goeie ou *Patriot*.

P. J. VAN DEN HEEVER.

Doornkloof, 18 Maart 1897.

Myn Neef J. G. Grové, fan Bruwershoek ferman my dat ek *floekwoorde* opneem, wat tot 'n slegte voorbeeld is fer ander kinders; n ar jammer, hy noem gen enkel floekwoord wat ek gebruik het ni, en ek moet reguit sê ek weet ni waar en wanneer ek floekwoorde gebruik het ni. Of noem hy altemitters floekwoorde wat ek en andere ni so noem ni?

C. F. J. Rooiregering, fan Standerton, stuur fer my 'n gediggi: "So sing Neef Fransi toen hy 'n paar weke getroud was." Mar dis fer my ni mooi om te fertel hoe so 'n jong getroude paar rusi maak en bakly ni.

Myn Neef E. P. Snyman stuur fer my twee gedigte, mar di een fan "di swart oog Miem" is ni oorspronkelyk ni, en di ander o'er di sprinkhane, bolanders, ens. is 'n bitji bo myn fuurmaakplek, en lyk fer my meer na 'n paskewel as na 'n gedig.

S. V. fan S. B. stuur oek 'n stori, eerste part, wat hy self sê wat 'n onwaarhyd is en dan lyk dit fer my oek ni oorspronkelyk ni. Let wel, ek gé ni om ferdigte ferhale op te neem ni, soos ek fröeger gesê het, maar tog ni opsettelyke leugens ni en feral wat dan nog fan andere afgeskrywe is.

Net so is di stori fan "n Goeie Hand" deur "Oom Kussi" opgestuur. Dis 'n ni ferbeterde nafolging fan Baron Manchhausen syn stori.


Di Afrikaanse Almanak ver 1897 bevat di name van Kerkerads lede van gemeentes in di Koloni, met getal van lede, sile, gedoop, angeneem, ens.—Prys 6d. Kontant.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te krij. Stuur dadelik julle orders. Wateers.e order en en geld meestuur word di eerste gehelp. Prys net mar 6d. per pos, Kontant.

RIJTUIGEN

TE KOOP BIJ

G. MALHERBE & CO.,
PASTORIE LAAN, PAARL.



Goed droog hout gewaarborgd.

CATALOGUSSEN TE BEKOMEN OP AANVRAAG.

TUIGEN.

HET geëerd publiek gelieve kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder, netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

M. D. GOBREGTS, order Paarl.

DE * VILLIERS * & * CO.,

"Spes Bona Huis,"

PAARL, MODEMAAKSTERS, ENZ.,

DRESSEN EN MANTLES naar de nieuwste Mode Netjes en Eerste klas gemaakt.

HOEDJES EN HOEDEN met smaak opgemaakt. BRUIDS EN ROUW DRESSEN onverbeterlijk.

N.B.—Goed werk gewaarborgd.

Vraag om Monsters en Maat vormen, maar vergeet toch niet "SPES BONA HUIS" bij het adres te plaatsen. Telegrafisch Adres:—"ACORN."

"Ons Klyntji,"

2de JAARGANG (No. 1, MAART 1897).

ERSTE AFRIKAANSE MAANDBLAD met Printjiis, en bevat mooi Afrikaanse Storiis, Gedenkstukke en Verhale nit ons Geskiedenis, Afrikaanse Gedigte met Musiik, eenvoudige Praatjiis o'er Wetenskappelijke Sake, 'n Verhaal o'er di Koningin van Skeba, hoe sy by Salomo gaan kuier het, ens., ens., aller interessants. Prys 4s. per jaar. **FOORUIT BETAALBAAR.**

Nuwe Intekenaars moet hulle Adresse tog duidelik en folledig opgee, en di 4s. insluit in di briif. Elkeen wat ons 12 of meer Nuwe Intekenaars stuur, met di Intekeningsgeld same, kry "O. K." 'n folle Jaargang, fernuit. Posseels fan di naburige State en Transfaalse geld kan ons hiir ni gebruik ni. Dus so min molik daarmé betaal. Poswissels is di fyligste en beste betaalmiddel.

LET OP!—Di prys fer di 2de Jaargang blyf mar 4s., (dis tog goedkoop!) mar dan reken ons daarop dat dit dan oek stellig fooruit sal betaal worde, daar "O. K." anders ni frymoedighyd het om hulle te besoek ni.

H. J. WEIDEMAN, Aberdeen, staur n persent fer *Ons Klyntji*, 2s. 6d.

NOU FAN DI PERS:

AFRIKAANSE

Spel- en Leesboek

DEUR

OOM WILLEM.

PRYS: per Pos 3d.; per Dosyn 2s. 6d.

TE KRY BY

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,
PAARL.



*** LLOYDS & CO., ***

40 BURGSTRAAT, KAAPSTAD,

Infoerders fan Ferbeterde Landbou Gereedschap en Masineri.

DI ENIGSTE SUID AFRIKAANSE AGENTE VOOR:

Olivier Harde Staal Ploege Co.'s Wereld Beroemde Ploege.

Deering Pony Selfbinders en Maaiers met Draadrollen Draggers.

Lloyds' Aermotor Windmeule en Pompe.

Di Planet Jr. Wingerd Ploege en Cultivators.

Lloyds' Crown Brand Fynste en Beste Blom fan Swawel, bewese deur di Regerings Ontleedkundige di beste Swawel te wees wat ooit in Suid Afrika verkoop is. Kyk rapport in di "Landbou Journaal" fan 6 Dec. 1894.

Di Reus Cultivator en Graan Saaier.

Garrett & Sons' Dorsmasiins, ens., ens.

INFOERDERS FAN:

Baal Presse, Foer Masiins fer Hand- en Stoomkrag.

Wynpompe en Sproeipompe om Insekte dood te maak.

Gebuige Spring Band en Lever Egge, Land Rollers.

Wan (Koorn) Meule, Sloopsteene, Saad Saaiers.

Roomafskyders, Karns en Botter Werkers.

Aardappel Uithalers, Aardappel Planters, Saaimasiins.

Omheining Draad, Netdraad, Omheining Pale.

Grawe, Skoffels, Mis- en Hooi Furke.

Gegalfaniseerde Netdraad fan Speciale Kwaliteit.

Singers Naai Masins.

Koper en Yster Ledekante.

Amerikaanse Rytuige, Buggies, Karre en Spiders, ens., ens.



LLOYDS & CO.,

40 BURGSTRAAT,

(TEENOE'R DI BRANWEER STASIE)

KAAPSTAD.

